

MTT-8 8
ACr



**RGN
HSRC**

**die ondergemiddelde leerling:
'n agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak**

001.3072068 HSRC
MT 8

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 28831

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 HSRC MT 8	21990/8

RGN RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

**BIBLIOTEEK
LIBRARY**

HSRC HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

W.P. 809 7/69

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

16/7/76	24 NOV 1978		
22. 10. 78	19. 1. 78		
04. 2. 77	27. 4. 79		
22. 4. 77	24. 8. 79		
15 JUL 1977	26. 10. 79		
23. 9. 77	4 JAN 1980		
2. 12. 77			
20 JAN 1978			
31 MAR 1978			
16. 6. 78	28/6/90		
15. 9. 78	28/5		
19. 1. 79			

0000450718



2844363866



001.3072068 HSRC AT 8



* 0 4 5 0 7 1 *

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

**DIE ONDERGEMIDDELDE LEERLING:
'N AGTERGRONDBESKRYWING OP STANDERD SES-
VLAK**

F.B. SMITH, B.A.

**INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
DIREKTEUR: W. VERHOEF**

**PRETORIA
1971**

Verslag nr. MT-8

Obtainable in English.
Kopiereg voorbehou.

Craft Pers (Edms.) Bpk.

ISBN 0 86965 021 1
English version ISBN 0 86965 022 X

VOORWOORD

Die relatief groot getal leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë wat in die land se skole aangetref word, is dikwels 'n wanbenutte bron van mannekrag in hulle later lewe. Met doeltreffende leiding, voorligting en onderwys kan hierdie leerlinge egter 'n belangrike rol in die mannekragbehoeftes van die land vervul indien hulle in die regte beroepe geplaas word waar hulle beperkte vermoëns na behore benut kan word.

Daar is vantevore in die RGN (destyds die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing) ook navorsing oor die probleem van ondergemiddelde leerlinge gedoen. Hierdie ondersoek is in 1968 deur dr. F.A. Fouché onderneem. Sy ondersoekgroep het uit domnormale seuns in hoër tegniese skole bestaan, wat hy met leerlinge met 'n gemiddelde sowel as 'n bogemiddelde intelligensie vergelyk het.

In die huidige ondersoek, waar 'n agtergrondbeskrywing van ondergemiddelde leerlinge op standerd 6-vlak gegee word, word die totale groep ondergemiddelde leerlinge in alle gewone skole met die totale groep standerd 6-leerlinge vergelyk. Nog nooit is daar in Suid-Afrika navorsing oor so 'n groot en verteenwoordigende groep ondergemiddelde leerlinge, soos wat nou deur Talentopname betrek word, gedoen nie.

Hierdie ondersoek is 'n eerste stap in die bestudering van leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë. Verdere navorsing oor aspekte soos hulle persoonlikheid, aanpassing, belangstelling, vordering op skool asook opvolging op standerd 8- en moontlik standerd 10-vlak sal mettertyd gedoen word.

A.M. Robertson.
P R E S I D E N T

RGN			BIBLIOTEEK		HSRC	
			LIBRARY			
20-2-1974						
STANDKODE		REGISTERNOMMER				
01-3072068/H.S.R.C.		MT8 21990/8 8				
DATE NOMMER						
Admin.						

ERKENNING

Die gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerk- en privaatskole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS en dr. A.B. Fourie, tans Direkteur van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en dr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bogenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemoeid is, is die volgende:

- (i) Personeellede
 - (a) Dr. J.D. Venter, Vice-president van die RGN
 - (b) Talentopnamekomitee
 - Dr. A.J. van Rooy, Vice-president van die RGN
 - Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
 - Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing
 - (c) Instituut vir Mannekragnavorsing
 - Mnr. U.J. van der Walt, HNB
 - Mnr. F.B. Smith, SNB
 - Mnr. G.F. Starker, SNB
 - (d) Instituut vir Statistiese Navorsing
 - Mnr. A.R. van den Berg, HNB
- (ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)
 - Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement
 - Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement
 - Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van die OVS
 - Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement
 - Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Nasionale Opvoeding
 - Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van SWA
 - Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)
 - Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole
 - Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1000 persone, meesal onderwysers, wat by die skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die sielkundige en voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Nasionale Opvoeding melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese leser asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.

INHOUD

	BLADSY	
1	INLEIDING	1
1.1	Agtergrond van hierdie ondersoek	1
1.2	Doel met die ondersoek	1
1.3	Omvang van die probleem	1
1.4	Terminologie, definisies en kriteria	2
1.5	Identifisering op grond van IK-toetsresultate	3
1.6	Voorkoms van ondergemiddelde intellektuele vermoëns	4
1.7	Die ondersoekgroep	6
1.8	Meetinstrumente	6
1.9	Beduidendheid van verskille	7
2	BIOGRAFIESE AGTERGROND	8
2.1	Geslag	8
2.2	Ouderdom	9
2.3	Woonplek gedurende skoolkwartale	9
2.4	Woongebied gedurende skoolkwartale	9
2.5	Huisvesting gedurende skoolkwartale	11
3	HUISLIKE AGTERGROND EN OUERS	11
3.1	Beroep van vader	11
3.2	Onderwyspeil van vader	13
3.3	Onderwyspeil van moeder	13
3.4	Ouers se finansiële vermoë om kind tot standerd 10 te laat leer	15
3.5	Ouers se finansiële vermoë om universiteitsopleiding te bekostig	17
3.6	Toereikendheid van sakgeld	17
3.7	Werk leerlinge vir sakgeld	17
3.8	Bespreking van ouers se sosio-ekonomiese posisie	17
3.9	Getal kinders in die gesin	20
3.10	Posisie van leerling in die gesin	22
3.11	Dood van ouers	24
3.12	Egskeiding van ouers	26
3.13	Buitenshuise werk van moeder	26
3.14	Broers en susters op universiteit	26
3.15	Ouers se verwagting ten opsigte van geleerdheid	26
3.16	Hulp met huiswerk	29
3.17	Beskikbaarheid van tyd vir huiswerk	29
4	SKOOLAGTERGROND	29
4.1	Ligging van skool	29
4.2	Toetredingsouderdom	31
4.3	Kleuterskoolbywoning	31
4.4	Getal skole besoek	33
4.5	Standerds oorgeslaan	33
4.6	Getal kere gedruip	33
4.7	Druiping voor standerd 3	35
4.8	Druiping na standerd 3	35
4.9	Aspirasies ten opsigte van opleiding	37
4.10	Leerlinge se beroepskeuse	37
5	VRYETYDSBESTEDING	40
5.1	Stokperdjies wat leerlinge beoefen	40
5.2	Getal stokperdjies wat leerlinge beoefen	42
5.3	Tydsbesteding aan buitemuurse aktiwiteite	42
5.4	Deelname aan aktiwiteite wat deur die skool georganiseer word	42
5.5	Naskoolse lesse wat nie in verband met skoolwerk staan nie	45
5.6	Aktiwiteit waarvan leerlinge die meeste hou	45
5.7	Soort leesstof verkies	45
6	HOUDINGS	47
6.1	Houding teenoor skoolgaan	47
6.2	Houding teenoor skoolreëls	47

6.3	Houding teenoor geleerdheid	49
6.4	Houding teenoor huiswerk	49
6.5	Begeerte om 'n leier te wees	49
6.6	Houding teenoor godsdienst	51
6.7	Houding teenoor sport	51
7	GESONDHEID	51
7.1	Algemene gesondheidstoestand	51
7.2	Kwale waarmee leerlinge die meeste probleme ondervind	53
7.3	Getal dae van die skool afwesig	55
8	SAMEVATTING	57
8.1	Biografiese agtergrond	57
8.2	Huislike agtergrond en ouers	57
8.3	Skoolagtergrond	58
8.4	Vryetydsbesteding	58
8.5	Houdings	58
8.6	Gesondheid	59
8.7	Slot	59
8.8	Samevattende algemene afleiding	59
	LITERATUURVERWYSINGS	60

TABELLE

TABEL		BLADSY
1.1	VERDELING VAN DIE UNIVERSUM VAN ST. 6-LEERLINGE VOLGENS TOTALE IK-STANEGES OP DIE NSAG BEHAAL	6
2.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG	8
2.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELTE OUDERDOM	9
2.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONPLEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE	10
2.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONGEBIED GEDURENDE SKOOLKWARTALE	10
2.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISVESTING GEDURENDE SKOOLKWARTALE	12
3.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEROEP VAN VADER	12
3.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VADER	14
3.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN MOEDER	14
3.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIËLE VERMOË OM OPLEIDING TOT ST. 10 TE BEKOSTIG	16
3.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIËLE VERMOË OM UNIVERSITEITSONPLEIDING TE BEKOSTIG	18
3.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TEVREDENHEID MET HOEVEELHEID SAKGELD	18
3.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE VIR SAKGELD WERK	18
3.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN	21
3.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS POSISIE IN DIE GESIN	23
3.10	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DOOD VAN EEN OF ALBEI OUERS	25
3.11	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS EGSKEIDING VAN OUERS	27
3.12	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BUITENSHUISE WERK VAN MOEDER	27
3.13	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL BROERS EN SUSTERS OP UNIVERSITEIT	28
3.14	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE OUERS SE VERWAGTING VAN HOE VER HULLE MOET LEER	28
3.15	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN HULP TUIS MET HUISWERK	30
3.16	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN GENOEG TYD TUIS VIR HUISWERK	30
4.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS LIGGING VAN SKOOL	30
4.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOETREDINGSOUERDOM	32
4.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KLEUTERSKOOLBYWONING	32
4.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL SKOLE WAT HULLE BYGEWOON HET	34
4.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS OORGESLAAN OP SKOOL	34
4.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL KERE GEDRUIP OP SKOOL	34
4.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING VOOR STANDERD 3	36
4.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING NA STANDERD 3	36
4.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ASPIRASIES TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING	38
4.10	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEROEPSKEUSE	38
5.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN	41
5.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES BEOEFEN	43
5.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL URE PER WEEK AAN BUITEMURSE AKTIWITEITE BESTEE	43

5.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL SKOOLAKTIWITEITE WAARAAN HULLE DEELNEEM	41
5.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN NASKOOLSE LESSE WAT NIE IN VERBAND MET SKOOLWERK STAAN NIE	46
5.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE SOORT AKTIWITEIT WAARVAN HULLE DIE MEESTE HOU	46
5.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE SOORT LEESSTOF WAT DEUR HULLE VERKIES WORD	46
6.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor SKOOLGAAN	48
6.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor SKOOLREëLS	
6.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor GELEERDHEID	50
6.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor HUISWERK	50
6.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEGEERTE OM 'N LEIER TE WEES	50
6.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor GODSDIENS	52
6.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor SPORT	52
7.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE ALGEMENE GESONDHEIDSTOESTAND	52
7.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KWALE WAARMEE HULLE DIE MEESTE PROBLEME ONDERVIND	54
7.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG	56

1 INLEIDING

1.1 AGTERGROND VAN HIERDIE ONDERSOEK

Gedurende 1965 is 'n begin gemaak met Projek Talentopname, een van die grootste langtermynnavorsingsprojekte wat nog ooit op die gebied van die onderwys in Suid-Afrika onderneem is. Deur middel van die 1965-Talentopnametoetsprogram is alle Blanke standaard 6-leerlinge in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aan 'n omvattende reeks toetse en vraelyste onderwerp. Die 69 908 leerlinge wat getoets is, word vir praktiese doeleindes as die universum van 1965 se standaard 6-leerlinge beskou.

In die eerste Talentopnameverslag wat deur die RGN gepubliseer is, word 'n volledige uiteensetting van die doel en eksperimentele opset van projek Talentopname gegee, asook 'n beskrywing van al die toetse en vraelyste wat gedurende die verskillende toetsprogramme in 1965, 1967 en 1969 toegepas is, met 'n aanduiding van die betroubaarheid van elke toets (Verhoef en Roos, 1970).

Die breë doelstelling met Talentopname, beskryf in die bogenoemde verslag, is om 'n antwoord te vind op die vraag : WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAK-SIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Uit bogenoemde breë doelstelling vloei onder andere die volgende doelstellings, naamlik :

(a) Om 'n raming van die Blanke mannekragspotensiaal van Suid-Afrika te verkry.

(b) Die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van die Blanke mannekragspotensiaal bevorder of strem.

1.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van (b) van die bogenoemde doelstellings met Talentopname, volg die doel met hierdie ondersoek, naamlik om leerlinge met 'n ondergemiddelde verstandelike vermoë op standaard 6-vlak met die universum van 1965 se standaard 6-leerlinge te vergelyk ten opsigte van 'n verskeidenheid van agtergrond- en ander gegewens om sodoende 'n algemene beeld van die agtergrond van hierdie leerlinge te verkry. So 'n beeld is noodsaaklik vir die interpretasie van resultate ten opsigte van sielkundige en ander toetse waaroor die volgende verslae in die reeks oor ondergemiddelde leerlinge sal handel. Hierdie ondersoek word dus as 'n inleidende studie tot die breë vraagstuk van die maksimale ontwikkeling van ondergemiddelde leerlinge beskou.

1.3 OMVANG VAN DIE PROBLEEM

Waar die begrip "mannekragekort" teenswoordig al meer gehoor word vanweë die snelle tempo van vooruitgang op alle gebiede in die Republiek van Suid-Afrika, ontstaan die vraag of al die land se mensemateriaal na behore benut word. Indien aanvaar word dat die beste benutting van die land se mensemateriaal direk afhanklik is van hulle onderwys en opleiding, kan dié vraag ook so gestel word: Ontvang alle leerlinge onderwys en opleiding wat met hulle aanleg, agtergrond en vermoë om te leer en te begryp, ooreenstem? Hierdie vraag kan in die besonder ten opsigte van die leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë gestel word. Hierdie leerlinge, wat 'n groot deel van die skoolgaande bevolking verteenwoordig, se ontwikkeling en die rol wat agtergrondfaktore daarin speel, het nog altyd die aandag van opvoedkundiges, sielkundiges en ander navorsers geniet.

Stander (1970) beskou die ondergemiddelde leerling as een van die grootste onderwysprobleme en stel dit soos volg: "Daardie verwaarloosde niemandslandkinders wat deur die lyf en die kop (en soms die juffrou) van die klas die leerplan deur op sleeptou geneem word. Daardie verwaarloosde, soms skoollasties verknoeiende kinders in die klas van 40+. Daardie soms 15%-groot stert van die klas wat te slim is vir die spesiale klas en te dom om 'n sieraad op die skoolrapport te word, of om vir diagnosties - remediërende onderwys te kwalifiseer. Daardie kind wat die klasballon rem om omhoog te styg. Hier lê waarskynlik ons grootste en sentraalste leermoeilike groep wat net soveel reg het om ons gewete aan te spreek en dan 'n duidelike antwoord te verwag as enige ander spesiale groep" (bl. 121).

Volgens Cole (1961) moet dit aanvaar word dat die verstandelik ondergemiddelde kind in baie gevalle die misdadiger, werklose of ander ongewenste elemente van die bevolking uitmaak. Die rede hiervoor is volgens hom maklik om in te sien - hierdie kinders word aan frustrasie en gevoelens van minderwaardigheid blootgestel as hulle nie spesiale aandag ontvang nie en daar is inderdaad ook gevind dat hierdie kinders meer geneig is om ongewenste persoonlikheidseienskappe te openbaar.

Ross (1964) wys ook op die erns van die probleem van verstandelik minder begaafde kinders en hy haal Masland e.a. aan wat beweer dat dit onwaarskynlik is dat daar enige ander belemmering is wat met subnormaliteit vergelyk kan word met betrekking tot die rol van ekonomiese onbruikbaarheid en menslike lyding wat dit kan veroorsaak. Hy beweer verder dat verstandelike subnormaliteit die ernstigste hindernis van 'n gemeenskap is wanneer verwys word na die vermoë om produktief op die arbeidsmark te wees. Volgens Ross is hierdie probleem meer gekompliseerd as ander afwykings, veral wanneer daar geen uiterlike fisiese manifestasies sigbaar is nie. As voorbeeld noem hy die geval van iemand met 'n horrelvoet - dit is makliker om te verstaan waarom so 'n persoon moeilikheid ondervind om te loop as wanneer 'n gesonde kind nog nie daarin kan slaag om sy skoenveters vas te maak nie. Mens kan jouself selfs indink hoe dit moet voel om blind te wees, maar dit is onmoontlik om onself in die posisie van 'n subnormale persoon in te dink, omdat ons nie ons verstandelike prosesse kan verlaag of tydelik alles wat ons geleer het kan kanselleer nie.

Rothstein (1961a) beskou die hantering van die probleem van subnormaliteit as die grootste uitdaging van die onderwys. Hy beklemtoon egter dat dit nie 'n probleem is wat met moderne apparaat soos ingewikkelde rekenaars of deur ander metodes maklik opgelos kan word nie, maar dat dit essensieel 'n menslike probleem is wat deur mense opgelos moet word en waarby faktore soos behandeling, opvoeding en opleiding betrek is.

1.4 TERMINOLOGIE, DEFINISIES EN KRITERIA

Daar heers baie onsekerheid onder skrywers oor die terme wat met betrekking tot verstandelike subnormaliteit gebruik word en daar is geen sprake van 'n standaard definisie of klassifikasie van die verskillende grade van verstandelike belemmering nie.

Dunn en Capobianco (1961) wys daarop dat die gebrek aan eenstemmigheid wat betref die terminologie, navorsing ten opsigte van die probleem bemoeilik. Volgens hulle skyn dit egter asof opvoedkundiges en sielkundiges saamstem dat die term "mental retardation" aangewend behoort te word as 'n wye term wat 'n wye verskeidenheid van sielkundige en fisiese sindrome insluit en wat een algemene onderliggende faktor het, naamlik gebrekkige intellektuele ontwikkeling. Hulle beweer dat die breë term "mental retardation" teenswoordig op 'n IK-telling van onder 75 of 80 dui, volgens verskeie metings op individuele intelli-

gensietoetse en dat die term "mental deficiency" beperk is tot 'n klein persentasie persone wat sosiaal wanaangepas ("socially incompetent") is. Volgens hulle is die mees gebruiklike tentatiewe indeling wat deur opvoedkundiges voorgestel word, die volgende:

(a) "Educable mentally handicapped" : Leerlinge met IK's van ongeveer 50 tot 75, wat genoeg potensiaal het om vaardigheid te verwerf in die basiese skoolvakke.

(b) "Trainable mentally retarded" : Diegene met IK's tussen ongeveer 30 en 50, wat in staat is om mondelings te kommunikeer en hulleself kan versorg, ekonomies produktief in 'n beskutte omgewing kan wees, maar van wie nie verwag kan word om te lees of te skryf nie.

(c) "Custodial mentally retarded" : Diegene met IK's laer as 30 en wat permanente versorging nodig het.

Rothstein (1961b) beweer ook dat subnormaliteit 'n uiters komplekse probleem is en maak soos ander skrywers melding van die gebrek aan eenvormigheid ten opsigte van definisie, terminologie, klassifikasie, behandeling en opleiding.

Fouché (1968) meld in sy verslag oor domnormale seuns "... die groot verskeidenheid terme wat vir dieselfde begrippe gebruik word, veroorsaak dat dit uiters moeilik is om in die literatuur groepe met verskillende vlakke van intelligensie te onderskei" (bl.13). Hy beweer verder dat ondanks die pogings om eenstemmigheid met betrekking tot die terminologie te verkry, die verwarring teenswoordig moontlik groter is as 20 jaar gelede. Hy bespreek dan die verskillende terme wat skrywers gebruik en wat min of meer die ekwivalente van "domnormaal" is, onder andere "dull normal", "dull", "swaknormaal", "zwakbegaafd", "below-average" en "slow-learner". In sy studie beskou hy domnormale seuns as diegene met 'n IK van 89 en minder en vergelyk hierdie groep met gemiddelde leerlinge (IK 90-109) en bogemiddelde leerlinge (IK 110 en hoër).

Hegge (1952) maak die volgende aanbeveling met betrekking tot die klassifikasie van leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë: "Perhaps the most satisfactory point of view is to regard the mentally retarded groups as consisting largely of essentially normal people whose output of mental ability places them at the lower end of a distribution of normal traits. We do, indeed, expect them to grow up and function with and as normal people, provided they receive specialized and skilled assistance" (bl. 54).

Hegge meld verder dat in die totale prentjie van ondernormale verstandelike vermoë daar geen besonderhede onderskei kan word wat universeel uniek aan hierdie toestand is nie en dat daar nie definitief onderskei kan word tussen die totale begrip en die terme grensgevalle ("borderline") of domnormaal ("dull normal") nie. Wanneer 'n skeidslyn op grond van tellings in IK-toetse gemaak word, moet die skeiding dus as arbitrêr beskou word.

Ander skrywers onder wie daar nie eenstemmigheid ten opsigte van die definisie of klassifikasie van 'n ondergemiddelde verstandelike vermoë is nie, is Nickell (1954), Garrison en Force (1965), Heber (1961), Cole (1961) en Levinson (1965).

Levinson (1965) se definisie van 'n "slow learner" is 'n goeie algemene een en een wat waarskynlik deur menige onderwyser as tiperend van die ondergemiddelde leerling gesien sal word: "The term 'slow learner' is usually applied to indicate the child who can get along in a classroom for normal children, lagging a year or two behind his own age group. He very likely requires special help in basic subjects - reading, writing, spelling and arithmetic" (bl. 167).

1.5 IDENTIFISERING OP GROND VAN IK-TOETSRESULTATE

Volgens Burt (1957) word die gebruik van toetse al meer gewild en hy ag

dit nodig om 'n woord van waarskuwing te rig, wat al baie geopper is, maar volgens hom te dikwels verontagsaam word. Eerstens waarsku hy dat die sielkundige eienskappe van 'n kind veel meer behels as net dit wat deur 'n paar gestandaardiseerde toetse gemeet word en dat daar nie net op verstands- en ander skolasiese toetse se resultate staat gemaak moet word nie. Daar moet dus teen gevaak word om die kind net op grond van 'n telling te beoordeel, omdat daar talle verstandelike en opvoedkundige faktore is waarvoor daar geen toetse beskikbaar is nie. Tweedens moet die toetsafnemer bewus wees van die beperkings van elke toets en veral moet daar versigtigheid aan die dag gelê word met die interpretasie van 'n toetsresultaat. Die toetsafnemer moet homself altoos afvra of die geldigheid en betroubaarheid van die toets bepaal is en of die toets goed genoeg vir sy huidige behoeftes en doelstellings is. Daar moet verder seker gemaak word of die toetsafnemer die nodige opleiding en ondervinding het om die toets korrek toe te pas en te interpreteer.

Delp (1961) meld dat nadat die basiese toets vir die meting van intelligensie toegepas is, dit dikwels nodig is om ook ander evaluasietegnieke te gebruik om die inligting wat verkry is aan te vul, aangesien faktore soos spraak-, lees-, gehoor- en ander gebreke 'n invloed op die leerling se prestasie mag uitgeoefen het. Delp beveel ook aan dat dit wenslik is dat sielkundiges 'n groot aantal tegnieke moet ontwikkel wat beide persoonlikheids- en intelligensiemetings verskaf, om sodoende 'n meer volledige evaluasie van 'n spesifieke individu te verkry.

Garrison en Force (1965) asook Goldstein en Seigle (1961) waarsku dat die uiterste versigtigheid aan die dag gelê moet word by die gebruik van IK-toetsresultate as 'n basis vir die bepaling van verstandelike vertraging. Eersgenoemde skrywers maak byvoorbeeld melding van die feit dat leerlinge verskillende tellings op verskillende toetse mag behaal en dat omgewingsinvloede 'n verandering in die IK teweeg mag bring, terwyl Goldstein en Seigle waarsku dat die IK hoofsaaklik as 'n basis vir voorlopige klassifikasie gebruik behoort te word en dat daar by die besluit of 'n leerling in 'n spesiale klas of skool geplaas moet word, sy verstandelike ontwikkeling ook in verband met ander beskikbare gegewens gebring moet word. Goldstein en Seigle beweer ook dat 'n individuele toets beter as 'n groeptoets is omdat dit beter gekontroleer kan word en indien die IK van 'n groeptoets verkry is, beveel hulle aan dat die resultate daarvan deur 'n individuele toets bevestig moet word.

1.6 VOORKOMS VAN ONDERGEMIDDELTE INTELLEKTUELE VERMOËNS

Volgens Dunn en Capobianco (1961) was pogings om die voorkoms van ondergemiddelde intellektuele vermoë te bepaal nog altyd bemoeilik as gevolg van probleme met definisies en ontoereikende metingsmetodes. Hulle beweer dat 6 persent van die skoolbevolking volgens die Revised Stanford Binet-toets IK's van 75 en laer het en volgens die Wechsler-toets is die persentasie 5 persent, waarvan almal behalwe 'n baie klein deeltjie in die IK-reeks 50 tot 75 val. Hulle noem 'n paar studies wat met betrekking tot die voorkoms van verstandelike subnormaliteit gemaak is:

(a) In die Onondago-studie waar egte en slegs verdagte gevalle van verstandelike vertraging as die kriterium gebruik is, het die voorkoms van 2 tot 3 persent in die voorskoolse stadium en tot 8 persent en hoër in die leeftyd tien tot vyftien jaar gestyg.

(b) In 'n studie van Kirk en Weiner beweer hulle dat die onrealistiese syfers in die bogenoemde studie verkry is omdat daar van so 'n wye en allesinsluitende definisie gebruik gemaak is. Hulle onderskei tussen "mental retardation" en "educational retardation" en vind dat 2 tot 3 persent van die skoolgaande bevolking "educable retarded" is. Volgens Dunn en Capobianco is hierdie syfers realisties as "educable retarded" leerlinge gedefinieer word as diegene met IK's tussen 50 en 75, wat nie bevredigende vordering in gewone klasse maak nie en spesiale opvoedingsmetodes nodig het.

(c) In twee studies deur Wirtz en Guenter is gevind dat daar 0,23 persent en 0,34 persent "trainable" kinders onder kinders van skoolgaande ouderdom was.

Volgens Cole (1961) toon intelligensie 'n normale verdeling en op grond van 'n grafiek maak hy die volgende indelings: "Mentally defective" (instusionele behandeling) : 2,5 persent; "Borderline defectives" (spesiale klasse) : 5,5 persent; "Low-normal" ("slow learners") : 14,0 persent.

Volgens Garrison en Force (1965) word die 3 persent-skatting van die National Association for Retarded Children algemeen aangehaal as 'n basis om die voorkoms van verstandelike vertraging in enige gemeenskap te bepaal. Indien hierdie 3 persent verder verdeel word, is 25 uit 1000 "educable retarded", 4 uit 1000 is "trainable retarded" en 1 uit 1000 totaal afhanklik.

Thorne (1965) verstrek geen syfers nie, maar beweer dat soveel as 75 persent van alle verstandelik vertraagde persone as lig vertraag beskou kan word. Hierdie groep persone lyk fisies nie anders as normale persone nie en net hulle verstandelike funksies is ietwat beperk. Hulle is die persone wat 'n bevreemdende bydrae tot die gemeenskap lewer, maar het spesiale hulp nodig veral in die ontwikkelingstydperk van hulle lewens. Thorne noem hulle die "high grade" of "mildly retarded" persone.

Volgens Burt (1957) vorm diegene met 'n IK tussen 50 en 70 ("feeble-minded") en diegene met 'n IK tussen 70 en 85 ("dull") die grootste gedeelte van die intellektueel subnormales. Hy beweer dat in gemengde opvoedkundige gebiede een kind per duisend onopvoedbaar is, $1\frac{1}{2}$ is "feeble-minded" en 10 persent of 11 persent is slegs "dull". Hy sê egter verder dat hierdie syfers baie wissel en dat in agterbuurtes die verhouding byna twee keer so hoog mag wees as die gemiddeldes wat hy genoem het.

Volgens Levinson (1965) groei die geleedere van vertraagdes gedurig aan as gevolg van laer kindersterftes en hoër lewensverwagting. Hy skat die totale aantal kinders wat gebore word en probleme sal ondervind om 'n "normale" opvoeding te ondergaan konserwatief op 3 persent.

Telford en Sawrey (1967) beweer dat die totale aantal persone in die algemene bevolking wat as "dull normal" en "borderline" beskou kan word, aansienlik meer is as diegene wat tellings op IK-toetse behaal wat hulle in 'n laer kategorie sal plaas. Hulle haal Merrill en Wechsler aan met betrekking tot die voorkoms van donnormale persone. Volgens Merrill sal 20,1 persent persone 'n IK-punt tussen 70 en 89 op die Stanford-Binet-skale behaal en volgens Wechsler is die persentasie 22,8 op die Wechsler. Daar is volgens die skrywers met ander woorde meer as een-vyfde van die totale bevolking of ruweg 22 mense uit elke honderd wat in hierdie kategorie val, teenoor slegs 2,5 uit 100 wat benede hierdie peil val.

Soos van die bostaande skrywers se bevindings en skattings afgelei kan word, is daar min eenstemmigheid oor die voorkoms van subnormaliteit. Binet en Simon (1914) gee die volgende redes aan vir die aansienlike verskille wat navorsers ten opsigte van die voorkoms van subnormaliteit gevind het, en alhoewel dit 'n ou werk is, is die redes waarskynlik nog net so goed van toepassing op hedendaagse toestande:

(a) Die voorkoms van subnormaliteit varieer aansienlik in verskillende skole - selfs in dieselfde omgewing.

(b) Die definisie van ondernormale intelligensie is baie vaag en elke navorsers interpreteer dié term op sy eie manier.

(c) Dit is besonder moeilik om gevalle te definieer wat as ongebalanseerd of onstabiel beskou kan word en baie onderwysers sal alle kinders van wie hulle nie hou nie in hierdie kategorie plaas.

1.7 DIE ONDERSOEGGROEP

Die onderoekgroep vir hierdie studie bestaan uit al die standerd 6-leerlinge wat op grond van die gegewens van die 1965-Talentopnameprogram as ondergemiddeld geïdentifiseer is. Die onderoekgroep is gekies uit die universum van 69 908 standerd 6-leerlinge wat in die program betrek is en kan dus as 'n aparte universum beskou word.

Die kriterium vir 'n ondergemiddelde leerling is vir die doel van hierdie onderoek diégene wat 'n verbale sowel as 'n nie-verbale IK-stanege van 3 of minder ('n verbale en 'n nie-verbale IK-punt van 88 of laer) op die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets behaal het. Volgens hierdie afsnypunt is daar 7 933 leerlinge wat as ondergemiddeld beskou word en wat 11,4 persent van die totale aantal standerd 6-leerlinge vorm.

In tabel 1.1 hieronder word die verdeling van die standerd 6-universum, volgens totale IK-staneges op die NSAG behaal, aangetoon.

TABEL 1.1

VERDELING VAN DIE UNIVERSUM VAN ST.6-LEERLINGE VOLGENS TOTALE IK-STANEGES OP DIE NSAG BEHAAL

Stanege	IK	N	%
9	127 en hoër	4446	6,5
8	120 - 126	5890	8,5
7	112 - 119	9391	13,6
6	104 - 111	12047	17,5
5	97 - 103	11754	17,1
4	89 - 96	12922	18,8
3	81 - 88	7335	10,6
2	74 - 80	5132	7,4
1	73 en laer	-	-
TOTAAL		68917	100,0

Volgens tabel 1.1 blyk dat daar 18,0 persent standerd 6-leerlinge is wat 'n totale IK-stanege van 3 of minder op die NSAG behaal het. Vir insluiting in die onderoekgroep moes leerlinge op beide die subtoetse van die NSAG 'n stanege van 3 of laer behaal het. Die hoër persentasie leerlinge wat volgens tabel 1.1 'n IK van 88 of laer behaal het is dan dié wat hoewel hulle 'n totale IK-stanege van 3 of minder behaal het, op òf die verbale òf die nie-verbale subtoets beter as stanege 3 geïstreef het en dus nie in die onderoekgroep ingesluit is nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat die onderoekgroep by die universum ingesluit is en dat die onderoekgroep dus nie met die res van die standerd 6-skoolbevolking vergelyk word nie, maar met die totale skoolbevolking, met die doel om te bepaal in watter opsigte en in hoeverre ondergemiddelde leerlinge van die geheel afwyk. Die insluiting van die onderoekgroep in die kontrolegroep (universum) impliseer dat verkreë verskille groter sou gewees het indien die kontrolegroep net uit die res van die standerd 6-leerlinge bestaan het.

Die onderoekgroep sowel as die universum word volgens geslagte verdeel omdat daar ten opsigte van sekere veranderlikes soos beroepskeuse, sportdeelname, vryetydsbesteding en stokperdjies verskille tussen seuns en dogters verwag sou word. So 'n verdeling sal gevolglik 'n meer realistiese beeld gee.

1.8 MEETINSTRUMENTE

Hierdie onderoek het betrekking op slegs 2 van die meetinstrumente wat in die 1965-Talentopnameprogram op standerd 6-leerlinge toegepas is. 'n Volle-

diger beskrywing van hierdie meetinstrumente asook al die ander meetinstrumente wat tydens die program toegepas is, verskyn in 'n vroeëre Talentopnameverslag (Roos, 1970).

1.8.1 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets

Die doel met die NSAG is om sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het, te meet. Die toets gee 'n betroubare meting van die intellektuele vermoë van leerlinge. Dit bestaan uit drie verbale en drie nie-verbale subtoetse van 25 items elk en lewer drie tellings, naamlik verbale IK, nie-verbale IK en totale IK. Die toets neem twee uur om toe te pas.

1.8.2 Die Biografiese vraelys

Die agtergrondgegevens wat in hierdie verslag gebruik word, is met behulp van 'n biografiese vraelys verkry.

Die Biografiese vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegevens van elke leerling te bekom.

Die vraelys bestaan uit 66 vrae wat ongeveer 45 minute neem om te beantwoord. Twee van die vrae is oop vrae wat op die vraelys self beantwoord word. Die orige vrae word op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord en met 'n optiese leser nagesien. Vier vrae lewer identifiserende gegewens.

By elke vraag, afgesien van die eerste vier en die twee oop vrae, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moet kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord.

Die vrae in die Biografiese vraelys kan onder die volgende hoofde ingedeel word, naamlik:

- (a) Biografiese agtergrond, soos ouderdom en geslag.
- (b) Huislike agtergrond en ouers, byvoorbeeld beroep van vader en sosio-ekonomiese status van die gesin.
- (c) Skoolagtergrond, byvoorbeeld kleuterskoolbywoning, waar skool geleë is.
- (d) Vryetydsbesteding, soos aantal stokperdjies en uur per week aan sport bestee.
- (e) Houdings, byvoorbeeld houding teenoor huiswerk en houding teenoor geleerdheid.
- (f) Gesondheid, byvoorbeeld kwale waaraan die leerlinge ly en getal dae van die skool afwesig.

Bogenoemde indeling word vir die doeleindes van hierdie verslag gebruik.

1.9 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE

Normaalweg word in navorsing van steekproewe, wat die universum of populasie verteenwoordig, gebruik gemaak. Die bevindinge wat op die steekproef van toepassing is, word dan na die populasie veralgemeen. Induktiewe statistiek word in hierdie gevalle gebruik om te bepaal met watter mate van sekerheid die bevindinge wat uit die steekproewe blyk, op die universum van toepassing is en wat die risiko is wat in so 'n veralgemening vervat is.

In die geval van Talentopname is die universum van standaard 6-leerlinge getoets sodat die ondergroep van leerlinge met 'n ondergemiddelde verstandelike vermoë al die sodanige leerlinge verteenwoordig oftewel 'n sub-universum is. In die praktyk kom dit dus daarop neer dat twee universums met mekaar vergelyk word. In so 'n geval geld induktiewe statistiek nie meer nie, maar wel beskrywende statistiek. Enige verskil is werklik en feitlik aangesien dit beskrywende van die universum self is. Die berekening van die beduidendheid van verskille byvoorbeeld op die 1 persent of 5 persentpeil is nie nodig nie, aangesien enige verskil 'n werklike verskil is wat nie op waarskynlikheid berus nie. Die enigste probleem is dus hoe groot die verskil moet wees voordat dit as van praktiese betekenis beskou kan word. Vir die doel van hierdie ondersoek word persentasieverskille van ongeveer 5 persent as groot genoeg beskou om van praktiese betekenis te wees en gevolglik as betekenisvol beskou. In die gevalle waar vergelykings egter op grond van gemiddelde tellings geskied, word uitgegaan van die standpunt dat enige verskil in die gemiddeldes betekenisvol is.

Of hierdie verskille van enige werklike praktiese betekenis is, hang af van die praktiese situasie. In sommige gevalle kan 'n relatief klein verskil van besondere betekenis wees en in ander gevalle kan selfs relatief groot verskille van min praktiese betekenis wees. Dit is nie die bedoeling om in hierdie ondersoek die verkreë verskille se relatiewe belangrikheid in alle moontlike praktiese situasies te interpreteer nie, maar eerder om voorlopige of tentatiewe interpretasies daarvan te gee.

2 BIOGRAFIESE AGTERGROND

2.1 GESLAG

Besonderhede ten opsigte van die geslagsverdeling van die ondergroep en die universum verskyn in tabel 2.1

TABEL 2.1
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG

Geslag	Ondergroep		Universum	
	N	%	N	%
Seuns	4187	52,8	35664	51,1
Dogters	3746	47,2	34102	48,9
TOTAAL	7933 ¹⁾	100,0	69766 ¹⁾	100,0

¹⁾Die syfers in die kolom "Totaal" mag van tabel tot tabel verskil, as gevolg van die feit dat daar nie ten opsigte van elke veranderlike gegewens van al die leerlinge beskikbaar is nie.

Volgens tabel 2.1 blyk dat seuns effens beter in die ondergroep verteenwoordig is as in die universum. Waar die universum bestaan uit 51,1 persent seuns, vorm die seuns 52,8 persent van die ondergroep. Daar is dus 1,7 persent meer seuns in die ondergroep in vergelyking met die universum.

Volgens Levinson (1965) word in statistieke van verstandelik vertraagdes gewoonlik meer manlike as vroulike persone gevind en in die Levinsonkliniek is die verhouding 59 persent manlike teenoor 41 persent vroulike persone. Hy verwys verder na 'n verslag van inrigtingsgevalle waar die verhouding 53,8 persent teenoor 46,2 persent ten gunste van manlike persone was.

Ook Garrison en Force (1965) beweer dat statistieke konsekwent aantoon dat meer manlike as vroulike persone in spesiale klasse of inrigtings geplaas word.

Hiervolgens kan die gevolgtrekking gemaak word dat verstandelike vertraging meer onder manlike as onder vroulike persone voorkom. Volgens bogenoemde skrywers kan hierdie gevolgtrekking korrek wees as selektiewe faktore nie in werking gewees het nie. Een verklaring wat vir die meerderheid manlike persone in spesiale klasse of skole aan die hand gedoen word, is dat daar sosiale faktore bestaan wat daartoe lei dat meer manlike as vroulike persone onder die aandag van skole en ander instansies kom.

Nog 'n persoon wat die resultate van hierdie studie en die menings van die bogenoemde skrywers staaf, is Johnson (1963) wat beweer dat in terme van geslagsverdeling, dit verwag kan word dat 'n effens groter getal seuns as dogters aan 'n spesiale skoolprogram behoefte sal hê as die normale geslagsverdeling in aanmerking geneem word.

2.2 OUDERDOM

Leerlinge se gemiddelde ouderdom ten tye van die Talentopnameprogram in 1965 word in tabel 2.2 aangetoon.

TABEL 2.2
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE OUDERDOM

Geslag	Ondersoekgroep			Universum		
	N	Gemiddelde ouderdom	Standaard=afwyking	N	Gemiddelde ouderdom	Standaard=afwyking
Seuns	4187	14,41	1,03	35664	13,53	0,90
Dogters	3746	14,29	0,98	34102	13,41	0,84

Volgens tabel 2.2 was die gemiddelde ouderdom van die ondersoekgroep= seuns 14 jaar 5 maande teenoor 13 jaar en 6 maande van die universumseuns. Die ondersoekgroepdogters se gemiddelde ouderdom was 14 jaar 4 maande teenoor 13 jaar 5 maande van die universumdogters. Die ondersoekgroep was in standerd 6 dus ongeveer 'n jaar ouer as die gemiddelde standerd 6-skoolbevolking.

Johnson (1963) beweer dat "slow learners" gemiddeld van 13 tot 15 maande ouer as normale kinders sal wees en dat in die meeste gevalle, die verskil groter sal word met elke jaar wat verloop.

2.3 WOONPLEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE

In tabel 2.3 word aangedui by wie leerlinge gedurende skoolkwartale bly en hiervolgens is daar geen betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum nie. Dit blyk dus dat ondergemiddelde leerlinge weinig van die universum verskil wat woonplek betref.

2.4 WOONGEBIED GEDURENDE SKOOLKWARTALE

In tabel 2.4 word aangedui hoeveel leerlinge op 'n plaas, dorp of in 'n stad woon.

Volgens tabel 2.4 woon 8,2 persent meer leerlinge van die universum in stedelike gebiede en die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ondergemiddelde leerlinge beter op dorpe, plotte en plase verteenwoordig is as die universum.

Fouché (1968) het ook bevind dat relatief meer domnormales in 'n dorp, op 'n kleinhoeve of plaas woon, asook Telford en Sawrey (1967) en Langenhoven (1960). Langenhoven beweer dat ondersoekers tot die gevolgtrekking gekom het dat stedelike kinders beter as plattelandse kinders in IK-toetse presteer en noem 9 ondersoekers wat dit bevind het. Hy bied die volgende moontlike verklarings vir hierdie verskynsel aan:

TABEL 2.3
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONPLEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woonplek	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
By ouers	3220	77,5	2898	78,1	6118	77,8	27272	76,8	27004	79,5	54276	78,2
By familie	142	3,4	124	3,3	266	3,4	774	2,2	695	2,0	1469	2,1
In 'n koshuis	756	18,2	653	17,6	1409	17,9	7177	20,2	6036	17,8	13213	19,0
Loseer privaat	35	0,9	35	1,0	70	0,9	274	0,8	230	0,7	504	0,7
TOTAAL	4153	100,0	3710	100,0	7863	100,0	35497	100,0	33965	100,0	69462	100,0

TABEL 2.4
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONGEBIED GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woongebied	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Op 'n plaas	479	11,6	274	7,4	753	9,6	2878	8,1	2251	6,6	5129	7,4
Op 'n plot naby stad of dorp	407	9,8	337	9,1	744	9,5	2494	7,1	2224	6,6	4718	6,9
In 'n dorp	1733	41,9	1531	41,3	3264	41,6	13448	38,0	13037	38,5	26485	38,2
In 'n stad of voorstad	1516	36,7	1567	42,2	3083	39,3	16541	46,8	16358	48,3	32899	47,5
TOTAAL	4135	100,0	3709	100,0	7844	100,0	35361	100,0	33870	100,0	69231	100,0

(a) Geleentheid in stede is beter vir die ontwikkeling van eienskappe, vaardighede en kennis wat deur bestaande toetse gemeet word.

(b) Deur selektiewe verhuising trek die meer intelligentes in die stad saam, terwyl die minder intelligentes op die platteland agterbly.

2.5 HUISVESTING GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Die gegewens ten opsigte van huisvesting van leerlinge verskyn in tabel 2.5. Geen noemenswaardige verskille word tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref ten opsigte van hierdie veranderlike nie.

3 HUISLIKE AGTERGROND EN OUERS

Dit is 'n onbetwisbare feit dat ouers die belangrikste rol in hulle kinders se opvoeding en in die ontwikkeling van hulle persoonlikheid speel. Volgens Abraham (1964) mag die verhouding tussen ouer en kind gekompliseerd wees en 'n sterk verband toon met die siening wat ouers van hulleself het, asook met hulle vermoë om die kind se potensiaal objektief te evalueer. Hy beweer dat wanneer 'n kind se vordering stadig is, dit beskou mag word as 'n bedreiging of 'n belediging vir die ouers, of hulle mag stadige vordering heeltemal ontken of ignoreer. Sulke houdings kan nooit heeltemal van die kind verberg word nie en dit sal noodwendig sy skoolwerk asook baie ander aspekte van sy lewe beïnvloed. Vanweë die groot rol wat ouers speel, is dit noodsaaklik dat bepaal word of, en indien dit wel so is, in hoeverre ondergemiddelde verstandelike vermoë aan ouers of aan huislike omstandighede toegeskryf kan word.

3.1 BEROEP VAN VADER

In tabel 3.1 verskyn die gegewens ten opsigte van beroep van vader, soos dit deur leerlinge verstrekkend is.

Volgens tabel 3.1 blyk dat die grootste enkele verskil tussen die ondersoekgroep en die universum ten opsigte van die beroepskategorie "professionele en semi-professionele werkers" aangetref word, waar 7,5 persent meer vaders van die universum hierdie beroepe beoefen.

Indien die eerste vier beroepsgroepe as die hoëre sosio-ekonomiese beroepe beskou word, blyk dat minder vaders van die ondersoekgroep (23,1%) in vergelyking met die universum se vaders (40,7%) hierdie beroepe bekleed.

Die algemene afleiding wat dus gemaak word, is dat daar 'n groter neiging vir vaders van ondergemiddelde leerlinge is om beroepe wat laer in die beroepsindeling is en waarvoor minder akademiese opleiding nodig is, te volg as wat die geval met die universum se vaders is.

Fouché (1968) het in sy ondersoek ook gevind dat bogemiddelde leerlinge se vaders meer professionele, administratiewe en klerklike beroepe beoefen terwyl sy donnormale groep se vaders relatief meer beroepe soos ambagte, produksiewerk en ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe beoefen.

Johnson (1963) beweer dat die meeste donnormale kinders uit die laer sosio-ekonomiese vlakke van die gemeenskap kom en dat die psigo-sosiale aanspooring hier weinig daartoe bydra om die intellek te verbeter.

Langenhoven (1960) het bevind dat daar 'n duidelike korrelasie tussen intelligensie en beroep is en hy haal 10 ondersoekers aan wat dieselfde bevinding verkry het.

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie ondersoek asook van dié van ander skrywers, kom dit dus voor asof daar min twyfel kan bestaan dat daar 'n verband tussen die vader se beroep en kinders se intelligensie is en dat hoe verder die vader se beroep van die boonste beroepskategorieë afwyk, hoe groter die kans is dat kinders se intellektuele vermoë ondergemiddeld sal wees.

TABEL 2.5

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISVESTING GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Huisvesting	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
In 'n huis	3225	77,6	2892	77,8	6117	77,7	26365	74,3	25903	76,2	52268	75,2
In 'n woonstel	126	3,0	142	3,8	268	3,4	1567	4,4	1787	5,3	3354	4,8
In 'n losieshuis of hotel	43	1,0	33	0,9	76	1,0	356	1,0	263	0,8	619	1,0
In 'n koshuis	698	16,8	582	15,7	1280	16,2	6921	19,5	5733	16,9	12654	18,2
In 'n kindershuis	65	1,6	68	1,8	133	1,7	293	0,8	287	0,8	580	0,8
TOTAAL	4157	100,0	3717	100,0	7874	100,0	35502	100,0	33973	100,0	69475	100,0

TABEL 3.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEROEP VAN VADER

Beroepsgroepe	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	180	4,3	152	4,1	332	4,2	4153	11,6	4016	11,8	8169	11,7
Administratiewe werkers	325	7,8	284	7,6	609	7,7	5061	14,2	4896	14,3	9957	14,3
Klerklike werkers	285	6,8	323	8,6	608	7,7	3472	9,7	3424	10,0	6896	9,9
Verkoopswerkers	149	3,6	127	3,3	276	3,5	1751	4,9	1624	4,8	3375	4,8
Geskoolde ambagsmanne	899	21,5	729	19,5	1628	20,5	6120	17,2	5508	16,1	11628	16,7
Opgeleide buitewerkers	605	14,4	587	15,7	1192	15,0	4263	11,9	4047	11,9	8310	11,9
Boere, bosbouers, tuiniers, vissers	576	13,7	393	10,5	969	12,2	4513	12,7	4234	12,4	8747	12,5
Persoonlike en huishoudelike dienste	23	0,5	17	0,5	40	0,5	137	0,4	126	0,4	263	0,4
Operateurs en halfgeskoolde werkers	622	14,8	565	15,1	1187	15,0	3840	10,8	3709	10,9	7549	10,8
Ongeskoolde werkers	174	4,2	203	5,4	377	4,7	709	2,0	802	2,4	1511	2,2
Huisvroue en pensionarisse	242	5,8	234	6,2	476	6,0	1142	3,2	1140	3,3	2282	3,3
Beroep nie verstrekkend	107	2,6	132	3,5	232	3,0	503	1,4	576	1,7	1079	1,5
TOTAAL	4187	100,0	3746	100,0	7933	100,0	35664	100,0	34102	100,0	69766	100,0

3.2 ONDERWYSPEIL VAN VADER

Gegewens ten opsigte van onderwyspeil van vader, soos deur leerlinge verstrekk, verskyn in tabel 3.2.

Indien tabel 3.2 in drie kategorieë ingedeel word, naamlik kwalifikasies laer as standerd 10, standerd 10, en hoër as standerd 10, is dit duidelik dat die ondersoekgroep se vaders laer kwalifikasies as die universum se vaders besit. Daar is 52,2 persent van die ondersoekgroep se vaders teenoor 37,6 persent van die universumvaders wat nie 'n standerd 10-kwalifikasie besit nie, 8,5 persent van die ondersoekgroep teenoor 13,5 persent van die universumvaders het gematrikuleer en slegs 3,3 persent van die ondersoekgroep se vaders teenoor 12,3 persent van die universum se vaders besit hoër kwalifikasies as standerd 10. 'n Hoë persentasie van beide groepe, naamlik 36,0 persent en 36,6 persent van die ondersoekgroep en die universum respektiewelik, beweer dat hulle nie weet hoe ver hulle vaders geleer het nie.

Die grootste verskille tussen die groepe word aangetref in die geval van die hoogste en die laagste kwalifikasies, naamlik standerd 6 of laer en 'n universiteitsgraad. Daar is naamlik 10,8 persent meer van die ondersoekgroep as die universum wie se vaders baie lae kwalifikasies besit, terwyl daar weer 5,3 persent meer van die universumvaders is wat 'n universiteitsgraad behaal het. Bogenoemde verskille hou waarskynlik verband met die bevinding wat in paragraaf 3.1 aangedui word, naamlik dat meer vaders van die universum as die ondersoekgroep die hoër sosio-ekonomiese beroepe beklee.

Nog 'n interessante verskynsel is dat in albei groepe daar 'n hoër persentasie dogters as seuns is wat beweer dat hulle nie weet hoe ver hulle vaders geleer het nie. In die geval van die ondersoekgroep is daar 11,1 persent en in die geval van die universum is daar 6,8 persent meer dogters as seuns wat nie weet wat hulle vaders se opvoedkundige kwalifikasies is nie.

3.3 ONDERWYSPEIL VAN MOEDER

Gegewens ten opsigte van die onderwyspeil van die groepe se moeders verskyn in tabel 3.3.

Met betrekking tot die geleerdheid van die groepe se moeders, word dieselfde neiging gevind as in paragraaf 3.2, naamlik dat relatief meer van die ondersoekgroep se moeders lae kwalifikasies het en relatief minder van hulle hoë opvoedkundige kwalifikasies besit. Vyf-en-vyftig komma agt persent van die ondersoekgroep se moeders besit nie 'n matrikulasiesertifikaat nie, teenoor 44,0 persent van die universum se moeders. Sewe komma sewe persent van die ondersoekgroep se moeders teenoor 13,9 persent van die universum se moeders het sover as standerd 10 geleer en 'n geringe persentasie, naamlik 2,3 persent van die ondersoekgroep se moeders teenoor 9,0 persent van die universum se moeders het hoër kwalifikasies as standerd 10 behaal.

Soos in die geval van geleerdheid van vader (paragraaf 3.2) word die verskynsel ook in tabel 3.3 aangetref dat die grootste enkele verskille tussen die groepe gevind word in die gevalle van baie lae kwalifikasies (st. 6 of laer), waar daar 9,9 persent meer van die ondersoekgroep se moeders aangetref word en verder as standerd 10, waar 6,7 persent minder van die ondersoekgroep se moeders hierdie kwalifikasie behaal het.

Vier-en-dertig komma twee persent van die ondersoekgroep en 33,1 persent van die universum weet nie hoe ver hulle moeders geleer het nie. Daar kan ook opgemerk word dat minder van albei groepe nie weet hoe ver hulle moeders geleer het nie as wat die geval met hulle vaders is (kyk tabel 3.2).

TABEL 3.2

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VADER

Kwalifikasie	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Standerd 6 of laer	1288	31,3	869	23,7	2157	27,7	6723	19,0	4978	14,8	11701	16,9
Standerd 7	277	6,7	232	6,3	509	6,5	1754	5,0	1535	4,5	3289	4,8
Standerd 8	661	16,1	550	15,0	1211	15,6	5009	14,2	4245	12,6	9254	13,4
Standerd 9	110	2,7	73	2,0	183	2,4	908	2,6	793	2,4	1701	2,5
Standerd 10	354	8,6	308	8,4	662	8,5	4843	13,7	4477	13,3	9320	13,5
Verder as st. 10 (graad uitgesonderd)	70	1,7	39	1,1	109	1,4	1701	4,8	1817	5,4	3518	5,1
Universiteitsgraad	86	2,1	59	1,6	145	1,9	2610	7,4	2331	6,9	4941	7,2
Weet nie	1266	30,8	1536	41,9	2802	36,0	11759	33,3	13536	40,1	25295	36,6
TOTAAL	4112	100,0	3666	100,0	7778	100,0	35307	100,0	33712	100,0	69019	100,0

TABEL 3.3

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN MOEDER

Kwalifikasie	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Standerd 6 of laer	1100	26,9	1004	27,3	2104	27,1	6016	17,1	5842	17,3	11858	17,2
Standerd 7	362	8,9	320	8,7	682	8,8	2072	5,9	2057	6,1	4129	6,0
Standerd 8	723	17,7	646	17,6	1369	17,6	6095	17,3	6431	19,0	12526	18,1
Standerd 9	114	2,8	66	1,8	180	2,3	974	2,8	893	2,7	1867	2,7
Standerd 10	355	8,7	239	6,5	594	7,7	5185	14,7	4403	13,0	9588	13,9
Verder as st. 10 (graad uitgesonderd)	53	1,3	46	1,2	99	1,3	1795	5,1	2069	6,1	3864	5,6
Universiteitsgraad	46	1,1	30	0,8	76	1,0	1247	3,5	1105	3,3	2352	3,4
Weet nie	1333	32,6	1326	36,1	2659	34,2	11846	33,6	10973	32,5	22819	33,1
TOTAAL	4086	100,0	3677	100,0	7763	100,0	35230	100,0	33773	100,0	69003	100,0

Aan die hand van die gegewens wat uit tabel 3.2 en tabel 3.3 verkry is, kan die afleiding dan gemaak word dat die ondersoekgroep se ouers beslis minder geleerdheid as die universum se ouers besit en dat daar 'n verband tussen ouers se geleerdheid en hulle kinders se intellektuele vermoë bestaan.

Burt (1957) beweer dat intellektuele faktore in 'n huis 'n groter en 'n meer direkte rol as ekonomiese of materiële toestande speel : die kind word vroeg reeds gestimuleer om in boeke rond te blaai, hy besoek interessante plekke en hy luister na sy ouers se gesprekke. Op dié manier word sy algemene kennis en intellek gedurig verbeter. In teenstelling met hierdie soort omgewing mag daar in ander huise, waar materiële toestande dieselfde is, 'n gebrek aan intellektuele stimulering en belangstelling wees - koerante word hoofsaaklik gekoop vir die jongste misdaadbrokkies of vir die uitslae van perdewedrenne. Ook die gesprekke wat gevoer word, is op 'n lae vlak en handel oor 'n beperkte aantal onderwerpe, met die gevolg dat die kind se woordeskat nie voldoende uitbrei nie en hy ook ongewenste woorde en uitdrukkings op hierdie manier leer.

Volgens Telford en Sawrey (1967) mag die kulturele betekenis van geleerdheid aansienlik tussen gemeenskappe en selfs tussen gesinne binne 'n gemeenskap verskil. As formele onderwys gesien word as iets wat verdra moet word net omdat dit verpligtend is, sal die motivering ook laag wees. Dit is waarskynlik ook met baie van die ouers van die ondersoekgroep die geval en hierdie houding sal dan noodwendig ook op die kinders oorgedra word. In 'n studie van Skodak en Skeels wat deur Telford en Sawrey aangehaal word, is daar bevind dat 'n beduidende positiewe korrelasie aangetref word tussen die lengte van moeders en vaders se skoolopleiding en hulle kinders se IK's. Telford en Sawrey beweer verder dat dit waarskynlik is dat kinders met 'n grensgeval-intelligensie afkomstig is van ouers met 'n soortgelyke intellektuele agtergrond en 'n beperkte opvoedkundige agtergrond. Sulke kinders vind skoolgaan moeilik en hulle kom in baie gevalle uit families wat opvoedkundige prestasie nie as belangrik beskou nie.

Ander ondersoekers wat die verband tussen ouers se opleiding en kinders se intelligensie ondersoek het, is Langenhoven (1960) wat bevind het dat daar 'n "... betreklike hoë positiewe verband tussen die opvoeding van ouers en die intelligensie-metings van hulle kinders gevind word" (bl. 9), Abraham (1964) wat bevind het dat 10 persent van die vaders van ondergemiddelde kinders geen skoolopvoeding gehad het nie en slegs 4 persent hoërskool voltooi het, en Fouché (1968) wie se bevindinge ook in ooreenstemming met dié van hierdie ondersoek asook met dié van die bogenoemde skrywers is.

3.4 OUERS SE FINANSIËLE VERMOË OM KIND TOT STANDERD 10 TE LAAT LEER

In tabel 3.4 word die groepe se skatting van hulle ouers se finansiële vermoë om hulle tot standerd 10 te laat leer, weergegee.

Volgens tabel 3.4 is daar meer as die helfte van die ondersoekgroep wat van mening is dat hulle ouers finansiëel nie daartoe in staat is nie, of onseker is of hulle ouers hulle tot standerd 10 sal kan laat leer. Slegs 45,2 persent van die ondersoekgroep teenoor 70,2 persent van die universum meen dat hulle ouers finansiëel daartoe in staat is. Agtien komma sewe persent van die ondersoekgroep teenoor 5,8 persent van die universum sê dat hulle ouers nie opleiding tot standerd 10 kan bekostig nie en 36,1 persent teenoor 24,0 persent van die ondersoekgroep en die universum respektiewelik is onseker of hulle ouers dit kan bekostig.

Die groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep in vergelyking met die universum wat meen dat hulle ouers dit nie kan bekostig om hulle tot standerd 10 op skool te hou nie, toon 'n verband met die bevinding wat in paraagraaf 3.1 gemaak is, naamlik dat relatief minder leerlinge van die ondersoekgroep as leerlinge van die universum se vaders die hoëre sosio-ekonomiese bevoorregte bekleed.

TABEL 3.4

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIËLE VERMOË OM OPLEIDING TOT ST.10 TE BEKOSTIG

Finansiële vermoë	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	1953	47,6	1559	42,3	3512	45,2	25069	71,1	23420	69,3	48489	70,2
Nee	765	18,7	691	18,8	1456	18,7	2039	5,8	1947	5,8	3986	5,8
Weet nie	1380	33,7	1431	38,9	2811	36,1	8150	23,1	8417	24,9	16567	24,0
TOTAAL	4098	100,0	3681	100,0	7779	100,0	35258	100,0	33784	100,0	69042	100,0

3.5 OUIERS SE FINANSIËLE VERMOË OM UNIVERSITEITSOPLEIDING TE BEKOSTIG

In tabel 3.5 word leerlinge se menings ten opsigte van hulle ouers se finansiële vermoë om hulle universiteit toe te stuur, aangetoon.

Dieselfde verskynsel wat in tabel 3.4 waargeneem is, naamlik dat relatief meer van die ondersoekgroep meen dat hulle ouers finansiëel nie in staat is om hulle tot standerd 10 op skool te hou nie, kan ook in tabel 3.5 waargeneem word. Volgens tabel 3.5 is daar 21,6 persent van die ondersoekgroep teenoor 37,4 persent van die universum wat van mening is dat hulle ouers universiteitsopleiding kan bekostig, terwyl 35,2 persent van die ondersoekgroep teenoor 17,4 persent van die universum meen dat hulle ouers finansiëel nie daartoe in staat is nie. 'n Groot persentasie van albei groepe, naamlik 43,2 persent van die ondersoekgroep en 45,2 persent van die universum is onseker of hulle ouers universiteitsopleiding sal kan bekostig.

Indien leerlinge se skatting van hulle ouers se finansiële vermoë om hulle tot standerd 10 te laat leer en om aan hulle 'n universiteitsopleiding te gee as 'n maatstaf vir die ouers se finansiële posisie gebruik word, is dit duidelik volgens die gegewens in tabelle 3.4 en 3.5 dat die groep ondergemiddelde leerlinge slegter daaraan toe is as wat die geval met die universum is.

3.6 TOEREIKENDHEID VAN SAKGELD

Gegewens ten opsigte van sakgeld verskyn in tabel 3.6.

Volgens tabel 3.6 is daar 'n groter persentasie van die ondersoekgroep wat meen dat hulle nie genoeg sakgeld kry nie; 16,9 persent van die ondersoekgroep teenoor 13,7 persent van die universum is van mening dat hulle sakgeld onvoldoende is. In albei groepe is daar ook relatief meer seuns as dogters wat beweër dat hulle nie genoeg sakgeld kry nie.

3.7 WERK LEERLINGE VIR SAKGELD

In tabel 3.7 word aangedui of leerlinge vir hulle sakgeld werk, al dan nie.

Volgens tabel 3.7 is daar 43,1 persent leerlinge van die ondersoekgroep teenoor 33,1 persent universumleerlinge, dit wil sê 10,0 persent meer ondersoekgroepleerlinge, wat vir hulle sakgeld werk, terwyl slegs 2,0 persent meer universumleerlinge as ondersoekgroepleerlinge beweër dat hulle glad nie vir hulle sakgeld werk nie. Die orige 40,6 persent leerlinge van die ondersoekgroep en 48,6 persent leerlinge van die universum beweër dat hulle soms vir hulle sakgeld werk.

3.8 BESPREKING VAN OUIERS SE SOSIO-EKONOMIESE POSISIE

Van die bevindinge van paragrawe 3.1 tot 3.7 kan 'n idee verkry word van die sosio-ekonomiese toestand van die ondersoekgroep en die universum se ouers. Daar is bevind dat ten opsigte van elke aspek wat ondersoek is, die ondergemiddelde leerlinge se ouers swakker daaraan toe is en gevolglik word die kinders ook in baie gevalle daardeur benadeel. So is bevind dat relatief meer van die ondersoekgroep se vaders die beroepe laer in die beroepsindeling beoefen, dat hulle ouers minder formele skoolopleiding gehad het, 'n kleiner persentasie van die ouers 'n hoër opleiding vir hulle kinders kan bekostig en relatief meer van die ondersoekgroep nie tevrede is met die hoeveelheid sakgeld wat hulle ontvang nie.

Met betrekking tot die oorsake van subnormaliteit noem Burt (1958) die volgende huislike faktore wat 'n rol mag speel:

(a) Armoede: Volgens Burt kom dit voor dat bo en behalwe die feit dat die arm kind neig om die dom kind te wees, dit skyn asof sy armoede veroorsaak dat hy nog meer agter met sy skoolwerk sal wees as wat mens bloot aan sy lae intelligensie sou toeskryf. Hy maak ook die gevolgtrekking dat armoede nouer verwant is aan agterlikheid met skoolwerk as aan domheid.

TABEL 3.5

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIËLE VERMOË OM UNIVERSITEITSONPLEIDING TE BEKOSTIG

Finansiële vermoë	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	940	22,9	736	20,1	1676	21,6	13548	38,4	12257	36,4	25805	37,4
Nee	1500	36,6	1238	33,7	2738	35,2	6221	17,7	5735	17,1	11956	17,4
Weet nie	1661	40,5	1696	46,2	3357	43,2	15456	43,9	15663	46,5	31119	45,2
TOTAAL	4101	100,0	3670	100,0	7771	100,0	35225	100,0	33655	100,0	68880	100,0

TABEL 3.6

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TEVDRENHEID MET HOEVEELHEID SAKGELD

Genoeg sakgeld	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	3366	81,6	3143	84,8	6509	83,1	30068	85,0	29668	87,6	59736	86,3
Nee	760	18,4	564	15,2	1324	16,9	5292	15,0	4206	12,4	9498	13,7
TOTAAL	4126	100,0	3707	100,0	7833	100,0	35360	100,0	33874	100,0	69234	100,0

TABEL 3.7

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE VIR SAKGELD WERK

Werk vir sakgeld	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	2003	48,4	1381	37,3	3384	43,1	13382	48,4	9584	28,2	22966	33,1
Soms	1661	40,1	1525	41,1	3186	40,6	17465	40,1	16219	47,8	33684	48,6
Nee	475	11,5	801	21,6	1276	16,3	4599	11,5	8127	24,0	12726	18,3
TOTAAL	4139	100,0	3707	100,00	7846	100,0	35446	100,0	33930	100,0	69376	100,0

(b) Fisiese toestande in die huis: Sulke faktore soos swak kos, min slaap en onhigiëniese huislike toestande mag 'n nadelige uitwerking op die kind se gesondheid hê, wat tot gevolg sal hê dat dit sy vermoë om te leer verlaag en dit hom beroof van 'n agtergrond en algemene kennis wat as vanselfsprekend aanvaar word deur die meeste skole.

(c) Intellektuele toestande tuis : Wanneer 'n kind uit 'n goeie huis kom, waar die vader goed in sy gesin se behoeftes voorsien en waar daar voldoende geleentheid vir intellektuele belangstellings is, is die fondament goed gelê wanneer die kind tot die skool toetree, maar in die geval van die arm kind mag die vader en moeder, as gevolg van finansiële tekorte nie die tyd, geleentheid of die wil hê om die kind intellektueel te stimuleer nie - sy woorde=skat is beperk, onakkuraat of woorde word verkeerd uitgespreek.

(d) Emosionele en kulturele toestande in die huis : Die emosionele atmosfeer in 'n huis mag 'n groot invloed op die kind uitoefen. As daar byvoorbeeld 'n houding van traak-my-nie-agtigheid, onreëlmatigheid en ontwyking van dissipline is, mag die kind sulke ongewenste eienskappe soos oneerlikheid, onstiptelikheid en aggressie openbaar. Die rusies, ontevredenheid en onstabiliteit van die huislike atmosfeer mag sy emosionele ewewig versteur en hy mag gedemoraliseer word. Antagonisme of afsydigheid van die ouers teenoor die skool mag ook 'n nadelige invloed op die kind hê, deurdat hy ook hierdie houdings inneem in navolging van die ouers.

(e) Toestande in die buurt : Die kind se speelmaats, die grootte en soort ontspanningsterrein en ander faktore mag 'n bydraende rol speel.

Volgens Cole (1961) kan 'n groot gedeelte van 'n persoon se intelligensie aan die opbou van ondervinding en kennis toegeskryf word. Die ontwikkeling in die kinderjare vorm dus die basis vir die kind se latere intelligensie. Die mees algemene teorie met betrekking tot intelligensie is volgens hom dat die potensiaal oorgeërf word, maar dat die ontwikkeling van intelligensie beperk of bespoedig kan word deur omgewingsfaktore. Dit is daarom noodsaaklik dat die kind voldoende en goeie kos ontvang, beskerm word teen siektes, intellektueel gestimuleer word en goed aangepas moet wees. Vir die ontwikkeling van al hierdie eienskappe en voorsiening in die behoeftes speel die huis en die ouers die primêre rol en wanneer van hierdie faktore ontbreek, moet dit noodwendig 'n nadelige uitwerking op die kind se latere intelligensie uitoefen.

Torrance en Strom (1965) ondersteun die teorie dat ongunstige omgewings=toestande 'n nadelige uitwerking op 'n kind se intelligensie mag hê en andersom. Hulle beweer dat moeders van die lae inkomstegroep hulle kinders nie so goed vir die skool voorberei nie, omdat hulle opvoedingsmetodes nie sulke faktore soos die verskaffing van inligting, die oordra van idees en die gee van eenvoudige takies wat selfstandig verrig moet word, insluit nie. As gevolg van huislike toestande en die houding van ouers, verskil die houdings van kinders uit swak en goeie buurtes ook van mekaar; waar kinders uit beter buurtes die skool as 'n plek beskou waar hulle kennis kan opdoen, beskou kinders uit swak buurtes die skool bloot as iets wat hulle verplig is om by te woon en is hulle nie op die leerproses ingestel nie.

Deutsch (1965) noem die ondersoek van Bruner, Clarke en Clarke en Skeel en andere, waarvolgens bevind is dat 'n verbetering van die omgewingstoestande 'n verhoging van leerlinge se gemete intelligensie tot gevolg het.

Telford en Sawrey (1967) beweer dat ondersoek oortuigende bewyse gelewer het dat 'n kind se intellektuele peil deur sy kulturele agtergrond beïnvloed word en noem 7 ondersoekers wat hierdie bevinding gemaak het. Volgens hulle het hierdie studies bewys dat intelligensie, soos gemeet deur konvensionele toetse, progressief verlaag in kinders wat die algemene kulturele en opvoedkundige ondervindinge van die normale bevolking moes ontbeer. Dit sal dus voorkom asof hierdie kinders ondergemiddeld is, gemeet aan psigometriese kriteria. Hulle beweer egter verder dat die vraag of hierdie kulturele armoede onherroeplike verstandelike vertraging veroorsaak, nog nie beantwoord is nie.

Telford en Sawrey beweer verder dat talle studies 'n korrelasie tussen sosiale klas en IK probeer vind het en volgens hulle stem die bevindinge in so 'n mate ooreen dat verdere navorsing oor die verband tussen IK en sosiale peil onnodig is. Volgens die skrywers is daar navorsing gedoen oor aspekte soos vader se beroep, inkomste en geografiese gebied en vir elk van hierdie veranderinglikes is daar statisties beduidende verhoudings gerapporteer. Hulle maak melding van 'n studie van Loevinger, wat bevind het dat gemiddelde inkomste die swakste voorspeller van intelligensie is, met beroep van die vader nie veel beter nie. Die ouers se IK's en opvoedingspeil was aansienlik beter voorspellers. Honzik het weer gevind dat die IK van die moeder 'n baie beter voorspeller is as die opvoedkundige peil van die ouers.

Ander skrywers wat die verband tussen sosio-ekonomiese status en intelligensie ondersoek het, is onder andere Johnson (1963) wat beweer: "Most slow learners come from the subcultural, low socio-economic areas of the community" en "The psycho-social stimulation present in the home and neighbourhood does little to promote school learnings" (bl.127). In 'n ander artikel van Johnson (1958) beweer hy: "The most accurate information available concerns social background. A number of confirmatory studies consistently report that a substantial majority of the mentally handicapped live in the lower socio-economic cultural areas of the community" (bl. 191).

Ook Wakefield (1964) beweer : "It is evident that a large proportion of educable mentally retarded children in the public schools come from families of low intelligence, poor schooling, and inferior economic status" (bl. 145).

Daar kan dus van hierdie ondersoek asook van die bevindinge van ander skrywers, die afleiding gemaak word dat daar 'n besliste verband tussen intelligensie van leerlinge en hulle sosio-ekonomiese agtergrond bestaan.

3.9 GETAL KINDERS IN DIE GESIN

In tabel 3.8 verskyn die gegewens ten opsigte van die getal kinders in die gesin.

Volgens tabel 3.8 is daar 64,9 persent van die universumleerlinge teenoor 48,3 persent van die ondergroepleerlinge wat verklaar dat hulle gesinne uit een tot vier kinders bestaan. Hierteenoor is daar 51,7 persent van die ondergroep teenoor 35,1 persent van die universum wie se gesinne uit vyf en meer kinders bestaan. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ondergemiddelde leerlinge se gesinne groter is as dié van die universum.

Jastak (1963) het in sy ondersoek bevind dat die ondergemiddelde kinders meer broers en susters het as die kontrolegroep, maar dat die verskil nie die 0,05-peil van beduidendheid bereik nie. Ook Fouché (1968) het bevind dat sy groep domnormale leerlinge uit die grootste gesinne afkomstig is, en dat die teenoorgestelde neiging vir sy bogemiddelde groep geld. Die gemiddelde getal kinders in sy domnormale groep was 4,78 teenoor 4,54 vir die gemiddeldes en 4,44 vir die bogemiddeldes.

Langenhoven (1960) beweer dat lede van groter gesinne gewoonlik laer intelligensies het en haal ook ondersoeke van Nisbet, Vernon en Thomson aan wat die verband tussen grootte van gesin en intelligensie ondersoek het: Nisbet beweer dat 'n gedeelte van die negatiewe korrelasie tussen grootte van die gesin en toetstelling aan die uitwerking van gesinsgrootte op die ontwikkeling van die verbale vermoë toegeskryf kan word. Vernon het bevind dat by 18-jarige rekrute 'n hoër negatiewe korrelasie tussen algemene intelligensie en gesinsgrootte as tussen opvoeding en gesinsgrootte bestaan en Thomson het bevind dat die gemiddelde intelligensie daal met toename in gesinsgrootte, ook binne homogene sosio-ekonomiese groepe. In Langenhoven se eie ondersoek het hy 'n hoogsbeduidende verskil in gesinsgrootte van die boonste en onderste groepe gevind, met die grootste gesinne in die onderste groep.

TABEL 3.8

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN

Getal kinders	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Een (jyself)	171	4,2	114	3,1	285	3,7	1427	4,0	1252	3,7	2679	3,9
Twee	506	12,3	391	10,6	897	11,5	6068	17,2	5654	16,7	11722	16,9
Drie	669	16,3	596	16,2	1265	16,3	8422	23,8	8082	23,9	16504	23,8
Vier	713	17,3	595	16,2	1308	16,8	7197	20,3	6828	20,2	14025	20,3
Vyf	595	14,5	550	15,0	1145	14,7	4580	12,9	4519	13,3	9099	13,1
Ses	475	11,6	439	12,0	914	11,7	2890	8,2	2810	8,3	5700	8,2
Sewe	320	7,8	325	8,8	645	8,3	1858	5,3	1722	5,1	3580	5,2
Agt	266	6,5	246	6,7	512	6,6	1231	3,5	1225	3,6	2456	3,6
Nege of meer	391	9,5	418	11,4	809	10,4	1712	4,8	1771	5,2	3483	5,0
TOTAAL	4106	100,0	3674	100,0	7780	100,0	35385	100,0	33863	100,0	69248	100,0

Telford en Sawrey (1967) bevestig bogenoemde ondersoekers se bevindinge en hulle beweer dat talle ondersoekes met betrekking tot gesinsgrootte en intelligensie onderneem is. Skrywers wat deur hulle aangehaal word, is die volgende:

(a) Lenz het bevind dat die mediaan IK van enigste kinders 107,9 was, kinders met drie broers of susters, 97,4, kinders met tien broers of susters, 84,9 en waar die gesinne uit twaalf of meer kinders bestaan het, was die mediaan IK 79,9.

(b) Dayton het na 'n studie van vertraagde kinders die bevinding verkry dat die mediaan getal broers of susters 4,52 was, wat groter was as die 2,8 kinders wat in New York per moeder gebore word.

(c) Robbins het bevind dat die getal broers en susters in gesinne met IK's van 130 en hoër, 3,2 was, dié met IK's van 90 tot 109, 4,3 en dié met IK's laer as 90, 5,3 kinders per gesin.

Na bespreking van ondersoekes waar bevind is dat sosiale ontwikkeling voortgaan nadat intellektuele ontwikkeling opgehou het en dat taalontwikkeling nie so volledig in groot as in klein gesinne is nie, postuleer Telford en Sawrey die teorie dat kinders van groter gesinne nie die kwaliteit of die kwantiteit verbale stimulerings kry wat die geval met kinders in kleiner gesinne is nie – kinders in groter gesinne het meer speelmaats, maar hulle moet nog verbale onderrig van die volwassenes kry. Die kinders in 'n groot gesin praat baie met mekaar, maar ontvang nie soveel verbale aandag van die volwassenes nie. Gesprekke tussen kinders het volgens die skrywers meer 'n sosiale as 'n linguïstiese waarde. Hulle beveel aan dat meer navorsing gedoen behoort te word om die rol wat taalontwikkeling op die algemene intellektuele groei het, na te spoor. Hulle beweer verder dat kinders in 'n klein gesin meer tyd aan afgesonderde spel en minder tyd aan sosiale situasies bestee en ook meer lees. Hulle ontvang dus minder sosiale stimulerings, maar meer verbale en intellektuele stimulerings en gaan daarom voort om intellektueel te ontwikkel nadat hulle sosiale ryphed bereik het.

Na aanleiding van die verskynsel dat ouers met 'n ondergemiddelde intelligensie meer kinders het, beweer Telford en Sawrey dat die hoë geboortesifer waarskynlik nie die gevolg is van verhoogde vrugbaarheid of 'n buitensporige geslagsdrang nie, maar dat dit waarskynlik 'n gevolg is van vroeë huwelike en gevolglik vroeëre reproduksie, wat gepaard gaan met verskeie ander faktore soos 'n gebrek aan beplanning, ekonomiese druk wat vroue 'n vroeë huwelik laat sluit en die afwesigheid van geboortebeperkingsmiddele.

3.10 POSISIE VAN LEERLING IN DIE GESIN

In tabel 3.9 verskyn die gegewens ten opsigte van die rangorde van die kind in die gesin.

Volgens tabel 3.9 blyk dat 'n groter persentasie leerlinge van die universum, naamlik 76,6 persent eerste, tweede of derde kinders is in vergelyking met 67,0 persent leerlinge van die ondersoekgroep wat hierdie posisies beklee.

By die interpretasie van hierdie tabel moet in gedagte gehou word dat die leerlinge van die ondersoekgroep om statistiese redes 'n beter kans staan om laer in geboorteorde te wees, omdat die gesinne waaruit hulle kom uit meer kinders bestaan, soos in paragraaf 3.9 bevind is.

Met betrekking tot geboorteorde word 'n paar navorsers se menings en bevindings oor hierdie aspek weergegee:

(a) Fouché (1968) het in sy ondersoek bevind dat dit voorkom asof relatief meer domnormales eersgeborenes is, terwyl relatief meer bogemiddeldes tweede of derde kinders is en vanaf die vyfde geborene is daar weer relatief meer domnormale kinders. Sy bevinding is egter nie in ooreenstemming met die resultate van hierdie ondersoek nie.

TABEL 3.9

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS POSISIE IN DIE GESIN

Posisie	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eerste kind	1071	26,0	905	24,4	1976	25,3	10831	30,6	10075	29,7	20906	30,1
Tweede kind	1016	24,7	838	22,6	1854	23,7	9981	28,2	9515	28,0	19496	28,1
Derde kind	739	18,0	665	18,0	1404	18,0	6506	18,4	6228	18,4	12734	18,4
Vierde kind	487	11,8	429	11,6	916	11,7	3517	9,9	3430	10,1	6947	10,0
Vyfde kind	303	7,4	327	8,8	630	8,0	1873	5,3	1975	5,8	3848	5,5
Sesde kind	196	4,8	196	5,3	392	5,0	1106	3,1	1104	3,3	2210	3,2
Sewende kind	100	2,4	124	3,4	224	2,9	633	1,8	657	1,9	1290	1,9
Agste kind	85	2,1	92	2,5	177	2,3	407	1,1	372	1,1	779	1,1
Negende kind of later	116	2,8	124	3,4	240	3,1	575	1,6	570	1,7	1145	1,7
TOTAAL	4113	100,0	3700	100,0	7813	100,0	35429	100,0	33926	100,0	69355	100,0

(b) Langenhoven (1960) beweer dat daar algemeen bevind word dat beide posisie in die gesin en grootte van die gesin 'n verband met toetstellings toon. Hy waarsku egter dat daar nie sonder meer afgelei kan word dat hierdie faktore van belang is by die bepaling van intelligensie nie, aangesien variëring van hierdie faktore deur baie ander faktore veroorsaak mag word. Hy beweer verder dat ouers van 'n eerste kind dikwels in staat is om meer aandag aan sy intellektuele ontwikkeling te bestee en daarom sou verwag word dat eerste kinders beter moet presteer. Langenhoven maak melding van 'n ondersoek van Sutherland en Thomsen wat bevind het dat by elfjarige kinders laer IK's neig om by die jongste kinders voor te kom. Sy kritiek teen hierdie bevinding is dat dit 'n funksie van gesinsgrootte mag wees omdat die lede van groter gesinne gewoonlik laer intelligensies het en dat die later posisies in die gesin alleenlik in groter gesinne voorkom. Hy noem ook Dayton se ondersoek, waar bevind is dat verstandelike agterlikheid die meeste by middelste kinders voorkom. Langenhoven se kritiek teen Dayton se bevinding is dat daar ook rekening gehou moet word met die jonger kinders wat nog nie op skool is nie en onder wie daar ook miskien nog nie groot getalle is om die geledere van die agterlikes aan te vul nie. In Langenhoven se eie ondersoek maak hy die gevolgtrekking dat daar 'n duidelike neiging gevind is dat kinders wat vroeër gebore is in die boonste intelligensiegroep val.

(c) De Lint (1967) maak 'n teenstrydige bevinding, wanneer hy beweer dat intelligensie met geboorteorde toeneem en verklaar dat daar ook ander ondersoeke gedoen is waar bevind is dat kinders uit dieselfde gesinne wat later gebore is, die intelligentstes is. Sy verklaring hiervoor is:

- (i) Die teenwoordigheid van broers en susters.
- (ii) Beter ouerlike versorging.
- (iii) Minder frustrasie tydens die speenperiode.

(d) Schonell en Watts (1956) beweer weer dat in die meerderheid van gevalle die subnormale kind of die oudste of die jongste kind in die gesin was.

Uit bostaande oorsig van skrywers wat navorsing oor die verband tussen geboorteorde en intelligensie gedoen het, kom dit voor asof daar nie ooreenstemming oor hierdie aspek bestaan nie.

3.11 DOOD VAN OUIERS

In tabel 3.10 word leerlinge se antwoorde op die vraag of daar van hulle ouers oorlede is, aangetoon.

Volgens tabel 3.10 is daar 87,6 persent van die ondersoekgroep teenoor 91,1 persent van die universum van wie albei ouers nog leef, met ander woorde daar is 3,5 persent meer van die ondersoekgroepleerlinge wat een of albei ouers deur die dood verloor het. Een komma nege persent meer van die ondersoekgroep het hulle vaders verloor, 1,3 persent meer het hulle moeders verloor en 0,3 persent meer van die ondersoekgroep het albei ouers verloor.

'n Moontlike verklaring vir die verskynsel dat relatief meer van die ondersoekgroep as die universum se vaders oorlede is, mag wees omdat 'n groter persentasie van hulle ambagte, halfgeskoolde, ongeskoolde en ander beroepe beoefen (kyk tabel 3.1), waar die moontlikheid van noodlottige beserings groter is as by ander beroepe waar daar nie soveel fisieke arbeid vereis word nie.

Jastak (1963) het bevind dat daar geen bewyse daarvoor is dat meer van sy vertraagde groep van hulle ouers verloor het gedurende hulle kinderjare nie terwyl Langenhoven (1960) weer bevind het dat meer van sy domnormale groep van hulle ouers verloor het.

TABEL 3.10

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DOOD VAN EEN OF ALBEI OUIERS

Ouers dood	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Vader en moeder leef	3650	88,0	3230	87,2	6880	87,6	32340	91,2	30943	91,2	63283	91,1
Vader oorlede	345	8,3	323	8,7	668	8,5	2323	6,6	2220	6,5	4543	6,6
Moeder oorlede	123	3,0	116	3,1	239	3,1	643	1,8	627	1,8	1270	1,8
Albei ouers oorlede	30	0,7	36	1,0	66	0,8	161	0,4	153	0,5	314	0,5
TOTAAL	4148	100,0	3705	100,0	7853	100,0	35467	100,0	33943	100,0	69410	100,0

3.12 EGSKEIDING VAN OUERS

In tabel 3.11 word aangetoon watter persentasie van die groepe aangedui het dat hulle ouers geskei is.

Dit blyk uit tabel 3.11 dat 11,8 persent van die ondersoekgroep teenoor 9,2 persent van die universum se ouers geskei is. Daar is dus 2,6 persent meer ouers van die ondersoekgroep wat geskei is.

In ooreenstemming met hierdie bevinding beweer Karnes (1965) dat daar meer gebroke huise onder domnormale as normale kinders is. Langenhoven (1960) het in sy ondersoek dieselfde verskynsel gevind.

3.13 BUITENSHUISE WERK VAN MOEDER

In tabel 3.12 word aangetoon hoeveel van die twee groepe se moeders buitenshuis werk.

Volgens tabel 3.12 is daar 27,5 persent van die ondersoekgroep teenoor 33,7 persent van die universum wie se moeders werk. Daar is dus 6,2 persent meer van die universum se moeders wat werk. Hierdie bevinding is teenstrydig met dié van Karnes (1965) wat beweer dat albei ouers van ondergemiddelde kinders gewoonlik werk.

Die kleiner persentasie moeders van die ondersoekgroep wat werk in vergelyking met die moeders van die universum, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die ondersoekgroep uit groter gesinne kom (kyk par. 3.9 en par. 3.10) en dat dit vir hierdie moeders gevolglik moeiliker is om te gaan werk as gevolg van die meer kinders om na om te sien.

3.14 BROERS EN SUSTERS OP UNIVERSITEIT

In tabel 3.13 word aangetoon hoeveel van die leerlinge se broers en/of susters 'n universiteitskursus volg of gevolg het.

Volgens tabel 3.13 is daar slegs 'n geringe verskil tussen die groepe, deurdat 9,1 persent van die ondersoekgroep teenoor 10,4 persent van die universum broers en susters op universiteit het, met ander woorde net 1,3 persent meer van die universumleerlinge verklaar dat dit die geval is.

3.15 OUERS SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN GELEERDHEID

In tabel 3.14 verskyn die gegewens ten opsigte van hoe ver die ouers wil hê hulle kinders moet leer.

Volgens tabel 3.14 wil die grootste persentasie van die ondersoekgroep se ouers (32,3%) sowel as die universum se ouers (30,4%) hê hulle kinders moet ten minste tot standerd 10 op skool leer. Hierteenoor is daar 'n heelwat groter persentasie leerlinge van die universum as die ondersoekgroep wat beweer dat hulle ouers wil hê hulle moet verder as standerd 10 leer. Daar is naamlik 10,8 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 37,0 persent van die universumleerlinge, dit wil sê 26,2 persent meer leerlinge van die universum, wie se ouers hoër kwalifikasies as standerd 10 van hulle verwag.

Die algemene afleidings wat van tabel 3.14 gemaak kan word, is dat alhoewel daar 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep se ouers as die universum se ouers is wat wil hê dat hulle kinders tot standerd 10 en verder moet leer, daar nogtans 'n groot persentasie ouers van die ondersoekgroep is wat 'n oënskynlik onrealistiese siening van hulle kinders se intellektuele vermoëns het, soos die 32,3 persent en die 10,8 persent ondersoekgroepleerlinge getuig wat verklaar dat hulle ouers verlang dat hulle onderskeidelik tot standerd 10 en verder as standerd 10 moet leer. Verder word opgemerk dat ten opsigte van albei groepe, ouers meer van hulle seuns as hulle dogters verlang, meer onverskillig teenoor hulle dogters as hulle seuns se opleiding staan en dat daar ook meer dogters as seuns is aan wie die ouers die keuse om te leer aan hulleself oorlaat.

TABEL 3.11

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS EGSKEIDING VAN OUIERS

Egskeiding	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	485	11,8	435	11,8	920	11,8	3324	9,4	3069	9,1	6393	9,2
Nee	3637	88,2	3266	88,2	6903	88,2	32065	90,6	30839	90,9	62904	90,8
TOTAAL	4122	100,0	3701	100,0	7823	100,0	35389	100,0	33908	100,0	69297	100,0

TABEL 3.12

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BUITENSHUISE WERK VAN MOEDER .

Werk moeder	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	1167	28,3	983	26,6	2150	27,5	12075	34,2	11243	33,2	23318	33,7
Nee	2962	71,7	2709	73,4	5671	72,5	23284	65,8	22611	66,8	45895	66,3
TOTAAL	4129	100,0	3692	100,0	7821	100,0	35359	100,0	33854	100,0	69213	100,0

TABEL 3.13

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL BROERS EN SISTERS OP UNIVERSITEIT

Getal broers enusters	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	3713	90,3	3374	91,5	7087	90,9	31489	89,1	30503	90,2	61992	89,6
Een	276	6,7	213	5,8	489	6,3	2850	8,1	2488	7,3	5338	7,7
Twee	77	1,9	54	1,5	131	1,7	704	2,0	620	1,8	1324	1,9
Drie	15	0,4	24	0,6	39	0,5	175	0,5	136	0,4	311	0,5
Vier of meer	30	0,7	22	0,6	52	0,6	109	0,3	87	0,3	196	0,3
TOTAAL	4111	100,0	3687	100,0	7798	100,0	35327	100,0	33834	100,0	69161	100,0

TABEL 3.14

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE OUIERS SE VERWAGTING VAN HOE VER HULLE MOET LEER

Ouers se verwagting	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Hulle gee nie juis om nie	170	4,1	172	4,7	342	4,4	680	1,9	798	2,4	1478	2,1
Tot 16 en skool kan verlaat	290	7,0	303	8,2	593	7,6	648	1,8	733	2,2	1381	2,0
Tot standerd 7	153	3,7	76	2,1	229	2,9	294	0,8	183	0,5	477	0,7
Tot standerd 8	1175	28,6	1170	31,8	2345	30,1	3211	9,1	3497	10,3	6708	9,7
Tot standerd 9	45	1,1	23	0,6	68	0,9	146	0,4	86	0,3	232	0,3
Tot standerd 10	1422	34,6	1096	29,8	2518	32,3	10411	29,5	10594	31,3	21005	30,4
Verder as st.10 (uitgesonderd graad)	181	4,4	166	4,5	347	4,4	3307	9,4	4292	12,7	7599	11,0
Universiteitsgraad	329	8,0	169	4,6	498	6,4	11597	32,8	6395	18,9	17992	26,0
Verkies dat ek self besluit	351	8,5	506	13,7	857	11,0	5042	14,3	7232	21,4	12274	17,8
TOTAAL	4116	100,0	3681	100,0	7797	100,0	35336	100,0	33810	100,0	69146	100,0

Die neiging dat ouers blykbaar minder van dogters as seuns verwag, het implikasies vir die land se mannekragssituasie, aangesien die totale getal ekonomies bedrywige vroue met meer as 37 persent gestyg het van 1951 tot 1960 en daar aanduidings is dat die persentasie vroue in die arbeidsmag nog steeds styg (Wessels, 1971). Hiervolgens blyk dat dit al meer wenslik vir dogters word om, terwyl hulle op skool is, te dink aan 'n spesifieke beroepsrigting na skoolverlating en hulle skoolopleiding hiervolgens aanpas.

Met betrekking tot ouers wat onrealistiese eise aan hulle kinders stel, beweer Abraham (1964) dat alhoewel meer normale as ondergemiddelde kinders van voorneme is om 'n hoër opleiding te ondergaan, dit dikwels gevind word dat dom kinders buitensporige hoë ambisies het, wat dikwels deur hulle ouers gestimuleer word. Volgens hom dui hierdie onrealistiese hoë verwagtings op 'n behoefte aan voorligting vir die kind sowel as die ouer, met die doel om 'n realistiese skatting van vermoëns en potensiaal daar te stel sodat latere frustrasie en onenigheid verhoed kan word.

In Jastak (1963) se ondersoek het hy bevind dat 30 persent vaders en 56 persent moeders van ondergemiddelde kinders verwag dat hulle professionele status moet verwerf. Hy beweer dat hierdie verwagting die hoë aspirasiepeil van die ondergemiddelde kinders aanvul en dat dit die interaksie van ouerlike invloed en kinders se verinnerliking daarvan in die daarstelling van 'n houding demonstreer.

3.16 HULP MET HUISWERK

In tabel 3.15 verskyn die gegewens ten opsigte van leerlinge se antwoorde op die vraag "Is daar iemand tuis wat jou kan help indien jy moeilikheid met jou huiswerk ondervind?"

Dit blyk uit tabel 3.15 dat daar 19,6 persent van die ondersoekgroep teenoor 14,4 persent van die universum is wat ontkennend op die vraag geantwoord het. Daar is dus 5,2 persent meer van die ondersoekgroep vir wie daar nie hulp met hulle huiswerk beskikbaar is nie. In albei groepe is daar ook 'n groter persentasie seuns as dogters wat beweer dat daar niemand tuis is wat hulle met hulle huiswerk kan help nie (2,6% meer ondersoekgroepe seuns en 1,6% meer universumseuns).

Die relatief groter getal leerlinge van die ondersoekgroep vir wie daar nie hulp met hulle huiswerk is nie, hou waarskynlik verband met swakker sosio-ekonomiese toestande, soos in paragraaf 3.8 bevind is.

3.17 BESKIKBAARHEID VAN TYD VIR HUISWERK

In tabel 3.16 verskyn leerlinge se antwoorde op die vraag of hulle genoeg tyd tuis kry om hulle skoolwerk so goed as moontlik te doen.

Die oorgrote meerderheid van albei groepe, naamlik 90,7 persent van die ondersoekgroep en 92,6 persent van die universum is tevrede dat hulle genoeg tyd het om hulle huiswerk so goed as moontlik te doen. Slegs 9,3 persent van die ondersoekgroep teenoor 7,4 persent van die universum verklaar dat dit nie die geval is nie.

4 SKOOLAGTERGROND

4.1 LIGGING VAN SKOOL

In tabel 4.1 word aangetoon waar die skool geleë is, naamlik in 'n stad, dorp of op 'n plaas.

Volgens tabel 4.1 is daar 3,2 persent minder leerlinge van die ondersoekgroep as leerlinge van die universum wat in stede of stedelike gebiede woonagtig is.

TABEL 3.15

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN HULP TUIS MET HUISWERK

Hulp met huiswerk	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	3274	79,2	3027	81,8	6301	80,4	30016	84,8	29302	86,4	59318	85,6
Nee	860	20,8	673	18,2	1533	19,6	5372	15,2	4624	13,6	9996	14,4
TOTAAL	4134	100,0	3700	100,0	7834	100,0	35388	100,0	33926	100,0	69314	100,0

TABEL 3.16

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN GENOEG TYD TUIS VIR HUISWERK

Beskikbaarheid van tyd	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	3724	89,9	3396	91,5	7120	90,7	32855	92,8	31407	92,5	64262	92,6
Nee	419	10,1	315	8,5	734	9,3	2552	7,2	2538	7,5	5090	7,4
TOTAAL	4143	100,0	3711	100,0	7854	100,0	35407	100,0	33945	100,0	69352	100,0

TABEL 4.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS LIGGING VAN SKOOL

Ligging	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Stad of stedelike gebied	2201	52,9	2114	56,8	4315	54,7	20286	57,1	19946	58,7	40232	57,9
Dorp	1836	44,1	1526	41,0	3362	42,6	14256	40,1	13281	39,1	27537	39,6
Plaas	126	3,0	83	2,2	209	2,7	986	2,8	765	2,2	1751	2,5
TOTAAL	4163	100,0	3723	100,0	7886	100,0	35528	100,0	33992	100,0	69520	100,0

4.2 TOETREDINGSOUDERDOM

In tabel 4.2 word leerlinge se ouderdom met eerste toetrede tot die skool, soos deur hulle gerapporteer, aangetoon.

Dit wil volgens tabel 4.2 voorkom asof die ondersoekgroep oor die algemeen ouer as die universum was toe hulle die skool vir die eerste keer besoek het, soos blyk uit die feit dat 14,7 persent minder van hulle die skool op 'n baie vroeë ouderdom, naamlik op 5-jarige ouderdom of jonger besoek het en dat daar aan die ander kant weer heelwat meer van hulle is wat die skool op 'n laat ouderdom vir die eerste keer bygewoon het. Hierdie bevinding hou verband met die bevinding wat in paragraaf 2.2 verkry is, naamlik dat die ondersoekgroep ongeveer een jaar ouer as die universum was ten tye van toetsing.

Fouché (1968) het ook bevind dat die mediaanouderdom van toetrede tot skool van sy donnormale groep hoër was as dié van die gemiddeldes en die bogenormale middeldes.

Volgens Langenhoven (1960) is dit duidelik dat ouderdom by toetrede tot skool 'n baie noue verband met IK toon. Hy skryf hierdie verband aan verskillende faktore toe, naamlik:

- (a) Deur natuurlike seleksie mag die meer intelligente kinders vroeg skool toe gaan.
- (b) Gunstige geleenthede mag verantwoordelik wees vir beter toetsprestasie sowel as vir die vroeë toetrede tot die skool.
- (c) Die tyd op skool deurgebring mag die ontwikkeling van vaardighede wat deur die toets vereis word, bevorder en sodoende die kind wat op 'n vroeër ouderdom skool toe is, 'n voorsprong gee bo sy ouderdomsgenoot wat later skool toe gegaan het.

Volgens Kirk (1962) is die ondergemiddelde leerling nog nie gereed vir prosesse soos lees, skryf, spelling of rekenkunde wanneer hy die skool op 6-jarige ouderdom betree nie en kan hy nie hierdie vaardighede aanleer voordat hy nie ten minste agt jaar oud is nie.

4.3 KLEUTERSKOOBYWONING

In tabel 4.3 verskyn besonderhede oor hoeveel leerlinge aangetoon het dat hulle 'n kleuterskool besoek het.

Volgens tabel 4.3 het 10,3 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 18,4 persent van die universumleerlinge wel kleuterskole bygewoon. Daar is dus 8,1 persent minder leerlinge van die ondersoekgroep wat kleuterskole bygewoon het.

Langenhoven (1960) het in sy ondersoek 'n hoogsbeduidende verband tussen kleuterskoolbywoning en IK gevind deurdat meer van die intelligente kinders kleuterskole bygewoon het.

Twee moontlike verklarings kan vir die verskynsel dat relatief minder ondersoekgroepleerlinge kleuterskole bygewoon het, aan die hand gedoen word. Eerstens is daar bevind dat die ondersoekgroepleerlinge se ouers finansiële swakker daaraan toe is as die universum se ouers (kyk paragraaf 3.8) en gevolglik mag kleuterskoolbywoning vir hulle 'n addisionele uitgawe beteken wat hulle nie kan bekostig nie. Tweedens is in paragraaf 3.13 bevind dat 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep se moeders werk en daarom sal dit waarskynlik ook vir minder van die moeders van die ondersoekgroep nodig wees om hulle kinders in kleuterskole te plaas ten einde hulle in staat te stel om te kan werk.

TABEL 4.2

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOETREDINGSOUDERDOM

Ouderdom	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
5 jaar en jonger	968	23,4	770	20,8	1738	22,2	12769	36,0	12818	37,7	25587	36,9
6 jaar	2176	52,6	2017	54,5	4193	53,5	18615	52,5	17506	51,6	36121	52,0
7 jaar	895	21,6	817	22,1	1712	21,8	3792	10,7	3393	10,0	7185	10,4
8 jaar	77	1,9	78	2,1	155	2,0	225	0,6	195	0,6	420	0,6
9 jaar en ouer	21	0,5	19	0,5	40	0,5	49	0,2	31	0,1	80	0,1
TOTAAL	4137	100,0	3701	100,0	7838	100,0	35450	100,0	33943	100,0	69393	100,0

TABEL 4.3

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KLEUTERSKOOBYWONING

Kleuterskool	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	434	10,5	368	9,9	802	10,3	6569	18,6	6179	18,2	12748	18,4
Nee	3687	89,5	3332	90,1	7019	89,7	28834	81,4	27731	81,8	56565	81,6
TOTAAL	4121	100,0	3700	100,0	7821	100,0	35403	100,0	33910	100,0	69313	100,0

4.4 GETAL SKOLE BESOEK

In tabel 4.4 verskyn besonderhede ten opsigte van die getal skole wat deur leerlinge besoek is.

Indien een tot drie skole as die normale getal beskou word en vier en meer as baie skole, is daar 66,3 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 70,8 persent universumleerlinge wat die normale getal skole bygewoon het. Hierteenoor is daar 33,7 persent van die leerlinge uit die ondersoekgroep teenoor 29,2 persent van die universumleerlinge wat onwenslik baie van skool verwissel het. Dit blyk dus dat 'n groter persentasie van die ondersoekgroepleerlinge baie skole bygewoon het as wat die geval met die universumleerlinge is.

Fouché (1968) het ook bevind dat ondergemiddelde leerlinge effens meer skole as gemiddelde en bogemiddelde leerlinge besoek het. Hierdie verskille was egter nie beduidend nie.

Greene (1960) wys op die gevare van skoolverskuiwings wanneer hy beweer dat dit ernstig inbreuk op opvoedkundige geleenthede maak. Hy beweer dat wanneer kinders dikwels ontwortel word deur van gemeenskap na gemeenskap en van skool na skool te verskuif, hierdie heraanpassings nie gunstig is vir bevredigende opvoedkundige ondervindinge nie, hetsy in die beperkte sin van leerstof bemeester of in die wyer sin van voorbereiding vir 'n volwasse lewe.

Volgens Downie (1953) word daar dikwels beweer dat verskuiwing van een gemeenskap na 'n ander 'n nadelige uitwerking op intelligensietoetstellings en op sosiale aanpassing het, maar dat die navorsing op hierdie gebied baie beperk is. Na sy ondersoek het hy bevind dat kinders wat baie van skool verwissel het, se toetstellings vergelykbaar is met dié van kinders wat nie rondgetrek het nie.

4.5 STANDERDS OORGESLAAN

Gegewens ten opsigte van standerds oorgeslaan, soos dit deur die leerlinge verstrekkend is, verskyn in tabel 4.5.

Volgens tabel 4.5 het 87,5 persent van die ondersoekgroep nog nooit 'n standaard oorgeslaan nie. Hierteenoor is daar 95,3 persent van die universum wat nie 'n standaard oorgeslaan het nie, dit wil sê 7,8 persent meer ondersoekgroepleerlinge het wel 'n standaard oorgeslaan. Die grootste persentasie van albei groepe het standaard vyf oorgeslaan, naamlik 5,6 persent van die ondersoekgroep en 1,5 persent van die universum. Die tweede grootste persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 2,3 persent, het standaard vier oorgeslaan en die derde grootste persentasie (1,5%) het graad een oorgeslaan. Die tweede grootste persentasie (1,1%) van die universum het graad een oorgeslaan.

Slegs 'n geringe persentasie van albei groepe het ander standerds oorgeslaan en daar is weinig verskil tussen die geslagte.

Die groter persentasie ondergemiddelde leerlinge wat standerds oorgeslaan het (12,5% teenoor 4,7% van die universum) kan moontlik toegeskryf word aan oorplasing na hoër standerds op grond van ouderdom. Van tabel 2.2 kan ook opgemerk word dat die ondersoekgroep ouer as die universum is.

4.6 GETAL KERE GEDRUIP

Gegewens ten opsigte van druiwing word in tabel 4.6 aangetoon.

Waar die grootste persentasie van die universum (70,7%) nog nooit gedruip het nie, is daar slegs 25,7 persent van die ondersoekgroep wat nie gedruip het nie. Daar is dus 45,0 persent meer leerlinge van die ondersoekgroep wat al gedruip het, hetsy een of meer kere.

TABEL 4.4
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL SKOLE WAT HULLE BYGEWOON HET

Getal skole	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1 skool	292	7,1	254	6,9	546	7,0	2400	6,7	2885	8,5	5285	7,6
2 skole	1290	31,3	1150	31,1	2440	31,2	12421	35,1	12240	36,1	24661	35,6
3 skole	1160	28,2	1037	28,0	2197	28,1	9946	28,1	9160	27,0	19106	27,6
4 skole	651	15,8	632	17,1	1283	16,4	5271	15,0	4895	14,5	10166	14,7
5 of meer skole	724	17,6	624	16,9	1348	17,3	5351	15,1	4709	13,9	10060	14,5
TOTAAL	4117	100,0	3697	100,0	7814	100,0	35389	100,0	33889	100,0	69278	100,0

TABEL 4.5
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS OORGESLAAN OP SKOOL

Standaard oorgeslaan	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Nooit oorgeslaan nie	3590	87,5	3219	87,6	6809	87,5	33562	95,0	32420	95,8	65982	95,3
Sub A of graad 1	61	1,5	52	1,4	113	1,5	395	1,1	351	1,0	746	1,1
Sub B of graad 2	37	0,9	27	0,7	64	0,8	205	0,6	163	0,5	368	0,5
St. 1	26	0,6	29	0,8	55	0,7	120	0,3	118	0,3	238	0,3
St. 2	32	0,8	34	0,9	66	0,8	143	0,4	118	0,3	261	0,4
St. 3	38	0,9	23	0,6	61	0,8	110	0,3	85	0,3	195	0,3
St. 4	100	2,4	80	2,2	180	2,3	218	0,6	178	0,5	396	0,6
St. 5	221	5,4	213	5,8	434	5,6	597	1,7	430	1,3	1027	1,5
TOTAAL	4105	100,0	3677	100,0	7782	100,0	35350	100,0	33863	100,0	69213	100,00

TABEL 4.6
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL KERE GEDRUIP OP SKOOL

Kere gedruip	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Nooit gedruip nie	978	23,7	1041	28,1	2019	25,7	23931	67,5	25104	74,0	49035	70,7
Een keer	1736	42,0	1629	43,9	3365	42,9	7914	22,3	6513	19,2	14427	20,8
Twee keer	1078	26,1	849	22,9	1927	24,6	2926	8,3	1969	5,8	4895	7,1
Drie keer	283	6,8	161	4,3	444	5,7	557	1,6	307	0,9	864	1,2
Vier keer of meer	59	1,4	29	0,8	88	1,1	110	0,3	50	0,1	160	0,2
TOTAAL	4134	100,0	3709	100,0	7843	100,0	35438	100,0	33943	100,0	69381	100,0

Daar kan verder van tabel 4.6 opgemerk word dat in die geval van die ondersoekgroep sowel as die universum daar meer seuns as dogters aangetref word wat gedruip het. Daar is naamlik 76,3 persent ondersoekgroepseuns teenoor 71,9 persent ondersoekgroepdogters en 32,5 persent universumseuns teenoor 26,0 persent universumdogters wat al op skool gedruip het.

Die feit dat soveel as drie-kwart van al die ondergemiddelde leerlinge reeds op laerskool al ten minste een keer gedruip het, dui waarskynlik op 'n groter behoefte aan gedifferensieerde onderwys in die laerskole van die land.

4.7 DRUIPING VOOR STANDERD 3

In tabel 4.7 word aangetoon hoeveel leerlinge voor standerd 3 op skool gedruip het.

'n Groot persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 37,2 persent het al voor standerd 3 gedruip, terwyl dit in 13,9 persent van die gevalle in die universum voorgekom het. Net soos in tabel 4.6 opgemerk is, is daar weer meer seuns as dogters wat gedruip het, naamlik 40,1 persent ondersoekgroepseuns teenoor 33,9 persent ondersoekgroepdogters en 16,4 persent universumseuns teenoor 11,3 persent universumdogters.

4.8 DRUIPING NA STANDERD 3

In tabel 4.8 verskyn die gegewens ten opsigte van leerlinge wat na standerd 3 op skool gedruip het. Meer as die helfte van die ondersoekgroep (52,1%) het volgens tabel 4.8 na standerd 3 gedruip, teenoor 20,9 persent van die universum. Alhoewel daar weer 'n groter persentasie seuns as dogters in beide die groepe is wat na standerd 3 gedruip het, is die verskille tussen die geslagte minder as die persentasie wat in tabel 4.7 gevind is (druiping voor standerd 3). Daar is naamlik 52,8 persent ondersoekgroepseuns teenoor 51,3 persent ondersoekgroepdogters en 22,5 persent universumseuns teenoor 19,3 persent universumdogters wat na standerd 3 gedruip het.

Fouché (1968) het in sy ondersoek beduidende verskille gevind tussen domnormale, gemiddelde en bogemiddelde leerlinge wat betref druiping op skool. Sy domnormale leerlinge het 'n mediaan aantal kere van 1,13 gedruip, gemiddelde leerlinge 0,39 en bogemiddelde leerlinge 0,11.

In ooreenstemming met die resultate van hierdie ondersoek, beweer Johnson (1963) ook dat teen die tyd dat ondergemiddelde leerlinge van die laerskool na die hoërskool gaan, die meeste van hulle al ten minste een standerd herhaal het. Daar is in paragraaf 4.6 bevind dat 74,3 persent ondersoekgroepleerlinge al voor standerd 6 op skool gedruip het.

Met betrekking tot druiping op skool beweer Kirk (1962) dat 'n lae frustrasietoleransie 'n eienskap van ondergemiddelde leerlinge is en verwant is aan herhaalde ondervindinge van mislukking in lewens- en skoolverwagtings, omdat daar van die kind verwag word om te funksioneer volgens sy kronologiese ouderdom. Frustrasietoleransie kan, volgens hom, verhoog word deur 'n huislike of 'n skoolomgewing wat mislukking vermy deur dit te vervang met ondervindinge van sukses.

Garrison en Force (1965) maak melding van 'n studie van Mangus, waarin bevind is dat 'n reeks mislukking's direk tot wanaanpassing lei. Die herhaling van een of meer standerds in die laerskool sal kinders ook nie in staat stel om sukses in hulle hoërskoolloopbaan te behaal nie omdat hulle hul dan in 'n klas bevind met kinders wat nie in hulle ouderdomsgroep is nie. Dit mag 'n sterk gevoel van mislukking in hierdie kinders laat ontwikkel. Nog 'n studie wat deur Garrison en Force aangehaal word, is dié van Arthur, wat bevind het dat leerlinge wat die eerste sub-standerd herhaal het, niks beter gevaar het as ander leerlinge met dieselfde verstandsouderdom nie.

TABEL 4.7

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING VOOR STANDERD 3

Druiping voor st. 3	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	1661	40,1	1252	33,9	2913	37,2	5808	16,4	3826	11,3	9634	13,9
Nee	2478	59,9	2444	66,1	4922	62,8	29641	83,6	30110	88,7	59751	86,1
TOTAAL	4139	100,0	3696	100,0	7835	100,0	35449	100,0	33936	100,0	69385	100,0

TABEL 4.8

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING NA STANDERD 3

Druiping na st. 3	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	2180	52,8	1897	51,3	4077	52,1	7962	22,5	6555	19,3	14517	20,9
Nee	1951	47,2	1799	48,7	3750	47,9	27468	77,5	27363	80,7	54831	79,1
TOTAAL	4131	100,0	3696	100,0	7827	100,0	35430	100,0	33918	100,0	69348	100,0

Dit wil dus voorkom asof die bogenoemde skrywers van mening is dat leerlinge weinig, indien enigsins baat vind by die herhaling van 'n standerd op skool.

4.9 ASPIRASIES TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING

In tabel 4.9 word die leerlinge se antwoorde op die vraag "Hoe ver sal jy graag wil leer", verstrekk.

Dit blyk uit tabel 4.9 dat 15,6 persent van die ondersoekgroep teenoor 5,6 persent van die universum 'n negatiewe siening oor hulle skoolopleiding het ("Gee nie juis om hoe ver ek leer nie" en "Net totdat ek 16 jaar oud is en die skool kan verlaat").

Wat opleiding tot standerds 7, 8 en 9 betref, is daar 45,1 persent van die ondersoekgroep teenoor 15,9 persent van die universum, dit wil sê 29,2 persent meer leerlinge van die ondersoekgroep wat nie tot ten minste standerd 10 wil leer nie. Hierteenoor is daar 39,3 persent leerlinge van die ondersoekgroep teenoor 78,5 persent van die universum wat tot standerd 10 of verder wil leer, dit wil sê 39,2 persent meer universumleerlinge as ondersoekgroepleerlinge wil ten minste tot standerd 10 leer.

Daar kan verder van tabel 4.9 opgemerk word dat seuns in albei groepe hoër aspirasies ten opsigte van opleiding as dogters het, omdat meer seuns as dogters tot standerd 10 of verder wil leer.

Fouché (1968) het in sy ondersoek beduidende verskille gevind tussen sy groepe wat betref akademiese aspirasies en sy bevindinge stem in breë trekke ooreen met die bevindinge van hierdie ondersoek.

Langenhoven (1960) het ook, in ooreenstemming met die resultate van hierdie ondersoek, bevind dat sy boonste groep beduidend verder wil leer as die onderste groep.

Abraham (1964) beklemtoon die noodsaaklikheid van voorligting aan ouers en kinders met die doel om 'n realistiese waardering van vermoëns en potensiaal daar te stel, en om latere frustrasie en tweedrag te voorkom. Hy beweer dat die buitensporig hoë ambisies wat dikwels deur ondergemiddelde kinders getoon word, in baie gevalle aan die verwagtings van ouers toegeskryf kan word.

Telford en Sawrey (1967) beskou aspirasiepeil as 'n gedeeltelike uitvloei-sel van sosiale status, opvoedkundige peil en vermoëns. Hulle beweer dat die selfsiening van kinders met 'n IK van tussen 70 en 89 ongetwyfeld laer is as dié van kinders met 'n hoër intelligensie en dat hulle waarskynlik ook meer ondervindinge van mislukking het. Dit kan daarom verwag word dat hulle aspirasiepeil laer sal wees. Met 'n realistiese opvoedkundige program behoort die aspirasiepeil van kinders met 'n beperkte akademiese agtergrond volgens die skrywers geensins meer ontoepaslik te wees as dié van ander leerlinge nie.

4.10 LEERLINGE SE BEROEPSKEUSE

Die leerlinge se beroepskeuses, in elf beroepsgroepe ingedeel, word in tabel 4.10 weergegee.

Volgens die gegewens van tabel 4.10 blyk dat die twee gewildste beroepskeuses van die ondersoekgroep geskoolde ambagte (26,3%) en professionele en semi-professionele beroepe (26,2%) is. Die universum se eerste keuse is professionele en semi-professionele beroepe, wat deur 46,2 persent as hulle eerste keuse aangedui word, gevolg deur klerklike beroepe, wat deur 16,9 persent van die universum gekies word.

TABEL 4.9

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ASPIRASIES TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING

Hoe ver wil hy leer	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Gee nie juis om nie	192	4,7	139	3,8	331	4,2	820	2,3	784	2,3	1604	2,3
Tot 16 en skool kan verlaat	421	10,2	457	12,6	888	11,4	1028	2,9	1224	3,6	2252	3,3
Tot st. 7	176	4,3	106	2,9	282	3,6	346	1,0	233	0,7	579	0,8
Tot st. 8	1546	37,6	1603	43,3	3149	40,3	4676	13,2	5356	15,8	10032	14,5
Tot st. 9	67	1,6	29	0,8	96	1,2	256	0,7	152	0,5	408	0,6
Tot st. 10	1200	29,1	973	26,3	2173	27,8	10425	29,5	11090	32,8	21515	31,1
Verder as st. 10 (uitgesonderd graad)	189	4,6	191	5,2	380	4,9	4394	12,5	6590	19,5	10984	15,9
Universiteitsgraad	324	7,9	189	5,1	513	6,6	13363	37,9	8389	24,8	21752	31,5
TOTAAL	4115	100,0	3697	100,0	7812	100,0	35308	100,0	33818	100,0	69126	100,0

TABEL 4.10

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEROEPSKEUSE

Beroepsgroepe	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	596	14,2	1478	39,4	2074	26,2	14608	41,0	17635	51,7	32243	46,2
Administratiewe werkers	46	1,1	8	0,2	54	0,7	545	1,5	149	0,5	694	1,0
Klerklike werkers	142	3,4	1439	38,4	1581	19,9	1124	3,2	10641	31,2	11765	16,9
Verkoopswerkers	47	1,1	74	2,0	121	1,5	432	1,2	776	2,3	1208	1,7
Geskoolde ambagsmanne	1711	40,9	378	10,1	2089	26,3	7432	20,8	1619	4,7	9051	13,0
Opgeleide buitewerkers	830	19,8	123	3,3	953	12,0	6010	16,9	1641	4,8	7651	11,0
Boere, bosbouers, tuiniers, vissers	515	12,3	21	0,6	536	6,8	3505	9,8	164	0,5	3669	5,3
Persoonlike en huishoudelike dienste	13	0,3	29	0,8	42	0,5	52	0,1	107	0,3	159	0,2
Operateurs en halfgeskoolde werkers	92	2,2	17	0,4	109	1,4	365	1,0	58	0,2	423	0,6
Ongeskoolde werkers	37	0,9	2	0,1	39	0,5	91	0,3	9	0,0	100	0,1
Huisvroue	0	0,0	49	1,3	49	0,6	0	0,0	144	0,4	144	0,2
Beroep nie verstrekkend	158	3,8	128	3,4	286	3,6	1500	4,2	1159	3,4	2659	3,8
TOTAAL	4187	100,0	3746	100,0	7933	100,0	35664	100,0	34102	100,0	69766	100,0

Die grootste verskille tussen die ondersoekgroep en die universum word aangetref ten opsigte van professionele en semi-professionele beroepe, waar 20,0 persent meer universumleerlinge hierdie beroepe kies, en geskoolde ambagte, waar 13,3 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge aangetref word.

Wat die geslagte van die ondersoekgroep betref, word die grootste verskille gevind ten opsigte van klerklike beroepe, waar 35,0 persent meer dogters aangetref word, geskoolde ambagte (30,8% meer seuns) en professionele en semi-professionele beroepe (25,2% meer dogters).

Die volgende interessante verskynsels kan uit tabel 4.10 opgemerk word:

(a) Gesien in die lig van hulle ondergemiddelde intellektuele vermoë, kom dit voor asof 'n te hoë persentasie van die ondersoekgroep, veral dogters, onrealistiese ambisies het deur professionele beroepe te verkies.

(b) In albei groepe is die dogters blykbaar meer ambisieus as die seuns, aangesien 25,2 persent meer dogters van die ondersoekgroep en 10,7 persent meer dogters van die universum as seuns professionele beroepe verkies.

(c) Indien daar aanvaar word dat die oordeel oor wat realisties is, gebaseer is op die veronderstelling dat die beroepe naastenby in volgorde van opleidingspeil gerangskik is, en dat hoër opleiding 'n hoër intellektuele vermoë vereis, kom dit voor asof die ondersoekgroep se seuns redelik realistiese ambisies het, soos die 76,4 persent getuig wat geskoolde ambagte en ander beroepe laer in die indeling wil volg ("beroep nie verstrekkend" uitgesluit).

Indien tabel 4.10 met tabel 4.9 (aspirasies ten opsigte van opleiding) vergelyk word, blyk dat dogters meer onrealisties as seuns ten opsigte van beroepskeuse is, omdat in albei groepe daar heelwat meer dogters as seuns is wat professionele beroepe wil volg, maar dat daar relatief minder dogters as seuns is wat verder as standerd 10 wil leer. Dit is veral opmerklik in die geval van die ondersoekgroepleerlinge, waar 39,4 persent professionele beroepe wil volg, maar slegs 10,3 persent verder as standerd 10 wil leer. Dit wil dus voorkom asof 'n hoë persentasie dogters, en veral dogters van die ondersoekgroep, nie 'n professionele beroep met 'n hoër opleiding kan vereenselwig nie.

Die verskynsel dat so 'n onrealistiese hoë persentasie van die ondersoekgroep professionele beroepe wil volg, moet gesien word in die lig van die feit dat die gegewens wat ingewin is, op standerd 6-vlak geskied het en dit is moontlik dat leerlinge op so 'n vroeë ouderdom nog nie van hulle intellektuele beperkings bewus is nie en ook nog nie duidelikheid het oor die vereistes wat deur 'n professionele beroep gestel word nie.

Die bevindinge in hierdie ondersoek, en meer spesifiek dié oor ondergemiddelde dogters, stem in breë trekke ooreen met dié van Jastak et al (1963) wat bevind het dat vir albei hulle groepe (vertraagd en nie-vertraagd), die mees populêre keuse professionele beroepe was. Die tweede keuse van hulle vertraagde groep was ambagte en die tweede keuse vir die nie-vertraagde groep was klerklike beroepe. Hulle het verder bevind dat twee keer soveel van die nie-vertraagde as die vertraagde proefpersone daarna strewende om professionele beroepe te beoefen, terwyl drie keer meer vertraagdes as nie-vertraagdes ambagte wil beoefen. Agtien persent van hulle studie se vertraagdes wou boere word, maar geen een van die nie-vertraagde groep het hierin belanggestel nie.

In verband met latere produktiwiteit beweer Kirk (1962) dat die domnormale adolessent geleer kan word om geskoolde en halfgeskoolde werk op 'n volwasse peil te verrig en dat hulle beroepsukses oor die algemeen verwant is aan persoonlikheids-, sosiale- en interpersoonlike eienskappe, eerder as aan die vermoë om 'n spesifieke taak te verrig. Hy berig ook dat gevind is dat ongeveer 80 persent van hierdie persone hulleself eventueel voldoende kan aanpas in geskoolde en halfgeskoolde werk en hulself kan onderhou.

Cole (1961) beklemtoon dat daar groot versigtigheid aan die dag gelê moet word wanneer beroepsvoorligting aan hierdie leerlinge gegee word, omdat, as die keuse van 'n beroep aan hulleself oorgelaat word, dit moontlik is dat hulle òf geen spesifieke doel sal hê nie, òf hulle mag 'n ontoepaslike beroep kies. Hy beweer verder dat baie beroepe vir sulke persone geslote is, maar dat hulle nie van dié feit bewus is nie. As 'n dom adollesent 'n beroep kies wat bokant sy vermoë is, sal hy sonder uitsondering ontmoedig, ontnugter en gefrustreerd raak - daarom is vroeë en baie hulp by die keuse van 'n beroep uiters noodsaaklik.

Garrison en Force (1965) beklemtoon die vorming van goeie persoonlikheids=trekke in die sosiale en beroepslewe, aangesien daar volgens hulle in 'n studie bevind is dat 60 tot 80 persent werkers hulle werk verloor as gevolg van redes wat nie met handvaardigheid in verband staan nie. Hulle noem vervolgens 15 persoonlikheidstrekke, waaraan, tesame met beroepsopleiding, aandag gegee moet word, onder andere lojaliteit, gesondheid, bereidwilligheid om nuwe pligte te aanvaar, 'n vermoë om roetine=arbeid te verrig, beteueling van humeur, enso=voorts.

Telford en Sawrey (1967) is optimisties oor die beroepsmoontlikhede van domnormale persone en beweer dat, nieteenstaande die groter klem op akademiese opleiding, daar nogtans baie geleenthede vir persone met minder formele oplei=ding bestaan. Veral in die industrie, waar werk van 'n herhalende en roetine=aard verrig moet word, is daar 'n groot aanvraag na intellektueel minder begaaf=de werkers, omdat hulle nie so gou verveeld raak met hierdie tipe werk nie. Die skrywers haal 'n studie van Wyatt en andere aan, wat bevind het dat persone met 'n relatief laer intelligensie langer uithou in hierdie soorte werk as per=sonne met 'n hoër intelligensie.

Volgens Goldstein en Heber (1961) behoort beroepsvoorligting vir die on=dergemiddelde leerling 'n integrale deel van die totale opvoedingsplan op skool te vorm. Die voorligting kan informeel geskied, waar die onderwyser toevallige geleenthede in die klas benut om leerlinge te help met hulle keuse van beroepe, of formeel, waar die dienste van professionele persone met 'n agtergrond van op=leiding en ondervinding in voorligtingswerk gebruik word. Sulke persone is veral waardevol waar ander probleme, soos persoonlike en sosiale probleme, met beroepsonsekerheid saamhang.

Na aanleiding van die bevindinge met betrekking tot beroepskeuse, ontstaan die vraag of dit nie wenslik is om reeds op laerskool al beroepsvoorligting aan leerlinge te gee nie, en veral aan leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë.

5 VRYETYDSBESTEDING

5.1 STOKPERDJIES WAT LEERLINGE BEOEFEN

In tabel 5.1 verskyn besonderhede in verband met die stokperdjies wat deur leerlinge beoefen word.

Volgens tabel 5.1 is die volgorde van voorkeur aan stokperdjies vir sowel die ondergemiddelde leerlinge as die universum byna dieselfde. Stokperdjies wat deur 'n groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep beoefen word, is tuinmaak en plante kweek (8,4% meer), handwerk (3,3% meer), korrespondensie met penvriende (2,7% meer), werk met gereedskap (2,1% meer) en die beoefening van kuns (0,1% meer).

Met die uitsondering van korrespondensie en moontlik die beoefening van kuns, wil dit dus voorkom asof relatief meer leerlinge van die ondersoekgroep as leerlinge van die universum stokperdjies van 'n meer praktiese, nie-intellek=tuele aard, soos tuinmaak, handwerk en werk met gereedskap, beoefen. Hier moet egter ook in aanmerking geneem word dat faktore soos leerlinge se woonplek

TABEL 5.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN

Stokperdjie	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Versameling van artikels bv. seëls	2398	57,8	2010	54,1	4408	56,1	23910	67,4	21050	62,0	44960	64,8
Bou van modelle bv. skepe, vliegtuie	2219	53,5	234	6,3	2453	31,3	22272	62,8	2635	7,8	24907	36,0
Aanhou van troeteldiere	3477	83,9	2922	78,7	6399	81,4	29762	83,9	27985	82,4	57747	83,2
Handwerk bv. houtwerk, metaalwerk	2771	66,9	3117	83,9	5888	74,9	21897	61,8	27828	81,9	49725	71,6
Fotografie	553	13,3	637	17,1	1190	15,1	5891	16,6	5862	17,3	11753	16,9
Kuns bv. skilder, beeldhou	1214	29,2	1017	27,4	2231	28,4	9999	28,2	9638	28,4	19637	28,3
Lees	2870	69,1	3002	80,8	5872	74,7	27456	77,4	29167	85,9	56623	81,5
Korrespondensie met penvriende	1209	29,2	1375	37,1	2584	32,9	7817	22,1	13167	38,8	20984	30,2
Tuinmaak en plante kweek	2534	61,1	1682	45,3	4216	53,7	17644	49,8	13781	40,6	31425	45,3
Met gereedskap werk	3737	90,2	1189	32,1	4926	62,7	30733	86,7	11310	33,3	42043	60,6
Ander stokperdjies	2168	52,5	1844	49,8	4012	51,3	20247	57,2	18676	55,1	38923	56,2

(par. 2.3), woongebied (par. 2.4) en huisvesting (par. 2.5) asook hulle sosio-ekonomiese omstandighede (par. 3.8) waarskynlik 'n rol speel in die soort stokperdjies wat hulle beoefen.

Wat die geslagte afsonderlik betref, word dit gemerk dat in die geval van die tipies "manlike" aktiwiteite, soos modelle bou, tuinmaak en werk met gereedskap, daar in albei groepe heelwat meer seuns as dogters is wat hierdie tipe van stokperdjies beoefen. Ander verskille wat opval, is dat relatief meer dogters as seuns artikels versamel, lees en met penvriende korrespondeer.

Abraham (1964) beweer dat daar bevind is dat ondergemiddelde leerlinge uit 'n baie beperkte getal stokperdjies dié soort stokperdjies verkies waar artikels versamel word. Sy bewering word egter nie deur die bevindinge van hierdie ondersoek gestaaf nie.

In ooreenstemming met die bevindinge van hierdie tabel, waar opgemerk is dat ondergemiddelde leerlinge, meer as die universum, voorkeur gee aan stokperdjies wat minder intellektueel van aard is, beweer Martens (1961) dat hierdie kinders dit geniet om met konkrete materiaal te werk en dat daar geleidelik groei is tot meer doelgerigte aktiwiteite, baie waarvan direk in verband met latere lewensaktiwiteite staan.

5.2 GETAL STOKPERDJIES WAT LEERLINGE BEOEFEN

In tabel 5.2 verskyn besonderhede oor die getal stokperdjies wat deur leerlinge beoefen word.

Dit blyk uit tabel 5.2 dat die ondersoekgroep minder stokperdjies as die universum beoefen, aangesien 30,4 persent van die ondersoekgroep teenoor 40,5 persent van die universum drie of meer stokperdjies het.

Daar word weinig verskil tussen die geslagte aangetref met betrekking tot die getal stokperdjies wat leerlinge beoefen.

5.3 TYDSBESTEDING AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

In tabel 5.3 word aangetoon hoeveel uur per week leerlinge aan buitemuurse aktiwiteite bestee.

Dit blyk uit tabel 5.3 dat die ondersoekgroepleerlinge minder tyd per week aan buitemuurse aktiwiteite bestee as die universum, want ten opsigte van elke indeling in die tabel, met uitsondering van "neem glad nie deel nie", word daar 'n groter persentasie leerlinge van die universum as ondersoekgroepleerlinge aangetref. Daar is verder 17,1 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge wat glad nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.

5.4 DEELNAME AAN AKTIWITEITE WAT DEUR DIE SKOOL GEORGANISEER WORD

In tabel 5.4 word aangetoon aan hoeveel aktiwiteite wat deur die skool georganiseer word, leerlinge deelneem.

Volgens tabel 5.4 blyk dat daar heelwat meer, naamlik 14,2 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge is wat aan geen skoolaktiwiteite deelneem nie. In die geval van relatief min aktiwiteite, naamlik slegs een aktiwiteit, word daar 4,3 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge aangetref. Daar is dus 40,1 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 58,6 persent universumleerlinge wat aan 2 of meer aktiwiteite deelneem.

Die feit dat ondergemiddelde leerlinge aan minder skoolaktiwiteite deelneem as die universum, kan moontlik toegeskryf word aan 'n teësin wat hulle in skoolgaan ontwikkel het as gevolg van swak prestasie en gedurige mislukkings.

TABEL 5.2

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES BEOEFEN

Getal stokperdjies	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	669	16,2	602	16,3	1271	16,3	3127	8,8	2953	8,7	6080	8,8
Een	1129	27,4	1002	27,1	2131	27,2	8059	22,8	7474	22,0	15533	22,4
Twee	1083	26,2	962	26,0	2045	26,1	10120	28,6	9521	28,1	19641	28,3
Drie	651	15,8	578	15,6	1229	15,7	6850	19,3	6504	19,2	13354	19,3
Vier of meer	595	14,4	554	15,0	1149	14,7	7255	20,5	7455	22,0	14710	21,2
TOTAAL	4127	100,0	3698	100,0	7825	100,0	35411	100,0	33907	100,0	69318	100,0

TABEL 5.3

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL URE PER WEEK AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE BESTEE

Uur per week	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Neem glad nie deel nie	1444	35,0	1704	46,1	3148	40,2	7117	20,1	8900	26,3	16017	23,1
4 uur of minder	1564	37,9	1416	38,3	2980	38,1	13166	37,2	14551	43,0	27717	40,0
5 tot 9 uur	695	16,8	408	11,0	1103	14,1	9458	26,7	7607	22,5	17065	24,7
10 tot 14 uur	253	6,1	102	2,8	355	4,5	3595	10,2	1944	5,7	5539	8,0
15 tot 19 uur	96	2,3	41	1,1	137	1,8	1231	3,5	567	1,7	1798	2,6
20 uur of meer	77	1,9	27	0,7	104	1,3	815	2,3	292	0,8	1107	1,6
TOTAAL	4129	100,0	3698	100,0	7827	100,0	35382	100,0	33861	100,0	69243	100,0

TABEL 5.4

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL SKOOLAKTIWITEITE WAARAAN HULLE DEELNEEM

Getal aktiwiteite	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	1290	31,1	1306	35,3	2596	33,1	6321	17,8	6760	19,9	13081	18,9
Een	1163	28,1	943	25,5	2106	26,8	8016	22,6	7573	22,3	15589	22,5
Twee	760	18,3	634	17,1	1394	17,7	7702	21,7	6877	20,3	14579	21,0
Drie	427	10,3	387	10,5	814	10,4	5570	15,7	5141	15,1	10711	15,4
Vier	239	5,8	227	6,1	466	5,9	3632	10,2	3701	10,9	7333	10,6
Vyf	117	2,8	94	2,5	211	2,7	2050	5,8	2257	6,6	4307	6,2
Ses	71	1,7	51	1,4	122	1,6	1130	3,2	1003	3,0	2133	3,1
Sewe	30	0,7	16	0,4	46	0,6	531	1,5	398	1,2	929	1,3
Agt	16	0,4	7	0,2	23	0,3	270	0,8	95	0,3	365	0,5
Nege of meer	32	0,8	40	1,0	72	0,9	232	0,7	136	0,4	368	0,5
TOTAAL	4145	100,0	3705	100,0	7850	100,0	35454	100,0	33941	100,0	69395	100,0

Dit is daarom moontlik dat baie van hulle onverskillig sal staan teenoor enige iets wat hulle aan die skool mag herinner.

5.5 NASKOOLSE LESSE WAT NIE IN VERBAND MET SKOOLWERK STAAN NIE

In tabel 5.5 word aangetoon hoeveel leerlinge naskoolse lesse ontvang wat nie met hulle skoolwerk in verband staan nie, soos musiek, ballet, ensovoorts.

Slegs 'n klein persentasie, naamlik 15,2 persent onderzoekgroepleerlinge en ongeveer 'n kwart (24,5%) universumleerlinge ontvang naskoolse lesse, dit wil sê meer leerlinge van die universum as die onderzoekgroep ontvang naskoolse lesse. In albei groepe is daar meer dogters as seuns, naamlik 14,0 persent onderzoekgroepe seuns teenoor 16,4 persent onderzoekgroepe dogters wat naskoolse lesse ontvang. In die geval van die universum is die verskil tussen die geslagte heelwat groter, naamlik 17,8 persent seuns teenoor 31,4 persent dogters wat naskoolse lesse wat nie met hulle skoolwerk in verband staan nie, ontvang.

Die kleiner persentasie leerlinge van die onderzoekgroep wat naskoolse lesse soos musiek en ballet ontvang, kan moontlik aan hulle swakker sosio-ekonomiese posisie toegeskryf word (kyk par. 3.8), aangesien sulke lesse gewoonlik betreklik duur is, asook aan woongebied, deurdat bevind is dat 'n kleiner persentasie onderzoekgroepleerlinge in stede woon (kyk par. 2.4) en sulke lesse makliker in stede as op die platteland bekom kan word.

5.6 AKTIWITEIT WAARVAN LEERLINGE DIE MEESTE HOU

In tabel 5.6 verskyn besonderhede ten opsigte van die soort aktiwiteit waarvan leerlinge die meeste hou.

Die vier aktiwiteite waaraan die onderzoekgroepleerlinge die meeste voorkeur gee, is in dalende volgorde van gewildheid plate speel of radio luister (24,1%), sport (23,5%), stokperdjies (20,0%) en bioskoop (9,9%).

Die grootste enkele persentasie leerlinge van die universum gee voorkeur aan sport (29,3%), gevolg deur stokperdjies (21,3), lees (15,5%) en plate speel of radio luister (14,4%).

Die grootste verskille tussen die groepe word gevind in die geval van plate speel of radio luister, waar 9,7 persent meer leerlinge van die onderzoekgroep hierdie aktiwiteit verkies, sport (5,8% meer universumleerlinge) en lees (5,7% meer universumleerlinge).

Dit kom voor asof sekere aktiwiteite veral deur seuns en ander aktiwiteite weer veral deur dogters verkies word. Aktiwiteite wat veral deur seuns verkies word, is die volgende: Stokperdjies (16,1% meer onderzoekgroepe seuns en 15,7% meer universumseuns as dogters) en sport (8,6% meer onderzoekgroepe seuns en 12,1% meer universumseuns as dogters). Aktiwiteite wat veral deur dogters verkies word, is plate speel of radio luister (22,9% meer onderzoekgroepe dogters en 14,3% meer universumdogters as seuns) en lees (5,3% meer onderzoekgroepe dogters en 9,9% meer universumdogters as seuns).

5.7 SOORT LEESSTOF VERKIES

In tabel 5.7 verskyn besonderhede ten opsigte van die soort leesstof wat deur leerlinge verkies word.

Volgens tabel 5.7 is daar 10,5 persent leerlinge van die onderzoekgroep teenoor 6,0 persent leerlinge van die universum wat nie van lees hou nie. Daar is met ander woorde 4,5 persent meer onderzoekgroepleerlinge wat nie van lees hou nie.

TABEL 5.5
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN NASKOOLSE LESSE WAT NIE IN VERBAND MET SKOOLWERK STAAN NIE

Naskoolse lesse	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	579	14,0	610	16,4	1189	15,2	6290	17,8	10640	31,4	16930	24,5
Nee	3552	86,0	3103	83,6	6655	84,8	29093	82,2	23288	68,6	52381	75,5
TOTAAL	4131	100,0	3713	100,0	7844	100,0	35383	100,0	33928	100,0	69311	100,0

TABEL 5.6
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE SOORT AKTIWITEIT WAARVAN HULLE DIE MEESTE HOU

Aktiwiteit	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Deelname aan sport	1140	27,6	705	19,0	1845	23,5	12479	35,2	7846	23,1	20325	29,3
Plate speel of radio luister	548	13,2	1342	36,1	1890	24,1	2612	7,4	7380	21,7	9992	14,4
Musiekinstrument bespeel	402	9,7	220	5,9	622	7,9	2340	6,6	3066	9,0	5406	7,8
Bioskoop	404	9,8	370	10,0	774	9,9	2606	7,4	2708	8,0	5314	7,6
Boeke lees	301	7,3	468	12,6	769	9,8	3768	10,6	6966	20,5	10734	15,5
Kuier by vriende	199	4,8	180	4,9	379	4,8	1357	3,8	1476	4,4	2833	4,1
Met stokperdjie besig	1142	27,6	428	11,5	1570	20,0	10293	29,0	4512	13,3	14805	21,3
TOTAAL	4136	100,0	3713	100,0	7849	100,0	35455	100,0	33954	100,0	69409	100,0

TABEL 5.7
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE SOORT LEESSTOF WAT DEUR HULLE VERKIES WORD

Leesstof	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Hou nie van lees nie	518	12,5	308	8,3	826	10,5	2485	7,0	1649	4,9	4134	6,0
Biblioteekboeke	1772	42,7	1991	53,5	3763	47,8	19948	56,2	22021	64,8	41969	60,4
Tydskrifte	577	13,9	625	16,8	1202	15,3	4459	12,6	4769	14,0	9228	13,3
Strokiesverhale	699	16,8	555	14,9	1254	15,9	5363	15,1	4306	12,7	9669	13,9
Koerante	587	14,1	240	6,5	827	10,5	3237	9,1	1225	3,6	4462	6,4
TOTAAL	4153	100,0	3719	100,0	7872	100,0	35492	100,0	33970	100,0	69462	100,0

Die volgorde van gewildheid van die leesstof wat verkies word, is vir albei groepe dieselfde, naamlik biblioteekboeke, strokiesverhale, tydskrifte en koerante, wat die mins gewilde leesstof is. Die grootste verskil tussen die groepe word aangetref in die geval van biblioteekboeke, waar 47,8 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 60,4 persent universumleerlinge hierdie leesstof verkies, met ander woorde 12,6 persent minder leerlinge van die ondersoekgroep hou daarvan om biblioteekboeke te lees. Ten opsigte van die ander soorte leesstof word daar nie betekenisvolle verskille tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref nie.

Met die uitsondering van biblioteekboeke, waar 11,3 persent minder ondersoekgroep- as universumdogters en 13,5 persent minder ondersoekgroep- as universumseuns aangetref word, is daar nie ander betekenisvolle verskille tussen die geslagte van die ondersoekgroep en die universum wat leesstofvoorkeur betref nie.

Alhoewel Abraham (1964) beweer dat ondergemiddelde leerlinge se leesgewoontes neig om tot ligte leesstof beperk te wees, blyk volgens tabel 5.7 dat daar met die uitsondering van biblioteekboeke, nie noemenswaardige verskille tussen die groepe is wat leesstof betref nie. As tydskrifte en strokiesverhale as ligte leesstof beskou word, is daar 31,2 persent van die ondersoekgroep teenoor 27,2 persent van die universum wat hierdie leesstof verkies, met ander woorde slegs 4,0 persent meer leerlinge van die ondersoekgroep verkies ligte leesstof. In teenstelling hiermee, lees 'n groter persentasie van die ondersoekgroepleerlinge (10,5%) koerante as die universum (6,4%).

6 HOUDINGS

6.1 HOUDING TEENoor SKoolGAAN

In tabel 6.1 word aangetoon wat leerlinge se houding teenoor skoolgaan is.

'n Onrusbarende verskynsel wat in tabel 6.1 waargeneem kan word, is dat meer as die helfte van die leerlinge van albei groepe verklaar dat hulle nie te veel van skoolgaan hou nie (52,1% ondersoekgroepleerlinge en 53,1% universumleerlinge). Daar is nog 'n verdere 9,6 persent ondersoekgroepleerlinge en 5,3 persent universumleerlinge wat niks van skoolgaan hou nie. Daar is dus gesamentlik 61,7 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 58,4 persent universumleerlinge wat nie baie of wat glad nie van skoolgaan hou nie teenoor 38,3 persent ondersoekgroepleerlinge en 41,6 universumleerlinge wat verklaar dat hulle baie van skoolgaan hou.

Dit blyk dus dat, alhoewel daar 'n effens groter persentasie van die ondersoekgroep is wat 'n negatiewe houding teenoor skoolgaan het, die ondersoekgroep nie veel van die universum verskil nie. Die enigste betekenisvolle verskil wat aangetref word, is tussen die ondersoekgroepe seuns en die universumseuns, waar 5,2 persent meer ondersoekgroepe seuns as universumseuns verklaar dat hulle glad nie van skoolgaan hou nie.

6.2 HOUDING TEENoor SKoolREëLS

In tabel 6.2 word leerlinge se antwoorde op die stelling "Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam", aangetoon.

Dit blyk uit tabel 6.2 dat 93,0 persent leerlinge van die ondersoekgroep teenoor 89,5 persent van die universum, dit wil sê 3,5 persent meer ondersoekgroepleerlinge meen dat skoolreëls onvoorwaardelik gehoorsaam moet word.

Dit blyk verder uit tabel 6.2 dat daar 'n groter persentasie seuns as dogters in albei groepe is wat beweer dat skoolreëls nie noodwendig nie, of glad nie gehoorsaam behoort te word nie. In die geval van die ondersoekgroep is daar 8,7 persent seuns teenoor 5,2 persent dogters en in die universum is daar 11,9 persent seuns teenoor 8,9 persent dogters wat dié mening toegedaan is.

TABEL 6.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENOR SKOOLGAAN

Houding	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Hou baie van skoolgaan	1419	34,4	1587	42,8	3006	38,3	12676	35,8	16152	47,6	28828	41,6
Hou nie te veel daarvan nie	2211	53,6	1872	50,4	4083	52,1	20341	57,4	16529	48,7	36870	53,1
Hou niks daarvan nie	495	12,0	254	6,8	749	9,6	2408	6,8	1261	3,7	3669	5,3
TOTAAL	4125	100,0	3713	100,0	7838	100,0	35425	100,0	33942	100,0	69367	100,0

TABEL 6.2

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENOR SKOOLREËLS

Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	3787	91,3	3526	94,8	7313	93,0	31248	88,1	30933	91,1	62181	89,5
Nie noodwendig nie	299	7,2	169	4,6	468	5,9	3894	11,0	2884	8,5	6778	9,8
Nee	61	1,5	23	0,6	84	1,1	335	0,9	150	0,4	485	0,7
TOTAAL	4147	100,0	3718	100,0	7865	100,0	35477	100,0	33967	100,0	69444	100,0

Alhoewel Johnson (1963) beweer dat ondergemiddelde leerlinge baie meer probleme ondervind om 'n bevredigende aanpassing op skool te maak en dat hulle meer dissiplinêre probleme oplewer as gevolg van hulle besondere behoeftes, kan daar op grond van tabel 6.2 nie aanduidings hiervan gevind word nie, aangesien daar slegs geringe verskille tussen die groepe is en die verskille wat gevind is ook ten gunste van die ondersoekgroep is (3,8% minder ondersoekgroep=leerlinge het 'n negatiewe houding teenoor skoolreëls).

6.3 HOUDING TEENoor GELEERDHEID

In tabel 6.3 word aangetoon wat leerlinge se houdings ten opsigte van geleerdheid is.

Volgens tabel 6.3 is daar 79,9 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 88,4 persent universumleerlinge wat van mening is dat geleerdheid hulle in staat stel om die beste van die lewe te maak. Daar is dus 8,5 persent meer leerlinge van die ondersoekgroep wat 'n negatiewe houding teenoor geleerdheid het, of wat onseker is in vergelyking met die universumverdeling.

Die hoër persentasie ondersoekgroepleerlinge wat beweer dat geleerdheid nie veel waarde het nie of onseker is, kan moontlik toegeskryf word aan gedurige mislukking en druijing op skool, sodat hulle naderhand ontmoedig word en geleerdheid vir hulle sinneloos raak.

Volgens Telford en Sawrey (1967) kan dit nie van iemand verwag word om te aspireer na iets waarvan hy niks weet nie en dat kinders met 'n beperkte intellektuele vermoë daarom minder sal weet wat die geleenthede en moontlikhede is wat 'n geleerdheid mag inhou. Volgens hulle sal die druk van ouers om intellektueel te presteer, ook nie so groot wees nie en die bestendigheid van 'n werk sal vir hierdie leerlinge van meer belang wees as die aard van die werk.

6.4 HOUDING TEENoor HUISWERK

In tabel 6.4 word aangedui wat leerlinge se houding teenoor huiswerk is.

Volgens tabel 6.4 is daar slegs effens meer, naamlik 1,8 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge, wat 'n negatiewe houding teenoor huiswerk het. Hierdie verskil tussen die groepe is te klein om van enige praktiese betekenis te wees.

Waar daar nie groot verskille tussen die groepe as geheel aangetref word nie, is daar groot verskille tussen die geslagte, aangesien heelwat meer seuns as dogters 'n negatiewe houding teenoor huiswerk openbaar. Daar is naamlik 30,9 persent ondersoekgroepe seuns teenoor 19,6 persent dogters, dit wil sê 11,3 persent meer seuns, wat 'n negatiewe houding ten opsigte van huiswerk het en 26,8 persent universumseuns teenoor 20,7 persent universumdogters, dit wil sê 6,1 persent meer universumseuns, wat 'n negatiewe houding teenoor huiswerk openbaar.

6.5 BEGEEARTE OM 'N LEIER TE WEES

In tabel 6.5 word leerlinge se antwoorde op die vraag: "Wil jy graag die leier van 'n groep of span wees?" aangetoon.

Slegs geringe verskille tussen die groepe word in tabel 6.5 waargeneem, aangesien 43,8 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 45,3 persent universumleerlinge graag 'n leier wil wees.

Daar kan verder in die tabel opgemerk word dat ten opsigte van albei groepe daar 'n groter persentasie seuns as dogters is wat graag 'n leier wil wees.

TABEL 6.3
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor GELEERDHEID

Houding	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Het nie veel waarde nie	106	2,6	47	1,3	153	2,0	362	1,0	189	0,6	551	0,8
Weet nie	729	17,6	693	18,6	1422	18,1	3469	9,8	3987	11,7	7456	10,8
Stel mens in staat om die beste van die lewe te maak	3302	79,8	2973	80,1	6275	79,9	31608	89,2	29766	87,7	61374	88,4
TOTAAL	4137	100,0	3713	100,0	7850	100,0	35439	100,0	33942	100,0	69381	100,0

TABEL 6.4
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor HUISWERK

Houding	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Het nie veel waarde nie	257	6,2	101	2,7	358	4,6	2460	6,9	1636	4,8	4096	5,9
Doen dit anders word ek gestraf	1021	24,7	624	16,9	1645	21,0	7032	19,9	5376	15,9	12408	17,9
Belangrik - daardeur leer mens om op jou eie te werk	2860	69,1	2981	80,4	5841	74,4	25947	73,2	26923	79,3	52870	76,2
TOTAAL	4138	100,0	3706	100,0	7844	100,0	35439	100,0	33935	100,0	69374	100,0

TABEL 6.5
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEGEERTE OM 'N LEIER TE WEES

Begeerte tot leierskap	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	1921	46,4	1518	40,9	3439	43,8	17116	48,2	14338	42,2	31454	45,3
Weet nie	1021	24,7	1142	30,7	2163	27,5	8790	24,8	10718	31,6	19571	28,2
Nee	1199	28,9	1053	28,4	2252	28,7	9565	27,0	8891	26,2	18456	26,5
TOTAAL	4141	100,0	3713	100,0	7854	100,0	35471	100,0	33947	100,0	69418	100,0

6.6 HOUDING TEENOR GODSDIENS

In tabel 6.6 verskyn besonderhede ten opsigte van leerlinge se houding teenoor godsdiens.

Dit blyk uit tabel 6.6 dat vir 16,0 persent leerlinge van die ondersoekgroep teenoor 23,0 persent leerlinge van die universum godsdiens van geen waarde is nie of dat daar onsekerheid oor hulle houding teenoor godsdiens heers. Daar is dus 7,0 persent meer universum- as ondersoekgroepleerlinge wat 'n negatiewe houding teenoor godsdiens het. Hierteenoor is daar 84,0 persent van die ondersoekgroep teenoor 77,0 persent van die universum vir wie godsdiens van baie waarde is.

'n Effens groter persentasie dogters as seuns het 'n positiewe houding teenoor godsdiens, soos blyk uit die 82,7 persent ondersoekgroepe seuns teenoor 85,4 persent ondersoekgroepe dogters en 76,0 persent universumseuns teenoor 78,1 persent universumdogters, wat verklaar dat godsdiens vir hulle van baie waarde is.

'n Moontlike verklaring wat vir die verskynsel dat 'n groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep 'n positiewe houding teenoor godsdiens openbaar, aangebied kan word, is dat hulle as gevolg van hulle beperkte verstandelike vermoë meer geredelik godsdienstige begrippe sal aanvaar en 'n kinderlike geloof sal openbaar, in teenstelling met leerlinge met 'n hoër intelligensie, wat meer geneig sal wees om rasioneel oor godsdiens te redeneer en as gevolg van onbevredigende verklarings, nie dieselfde waarde daaruit kan put nie.

Hierdie moontlike verklaring word deur Hurlock (1967) gestaaf, wat beweer: "The more intelligent the adolescent, the earlier the doubting will begin and the more severe it is likely to be" (bl. 400).

Sy beweer verder ook dat op enige ouderdom, daar by dogters minder twyfel oor godsdiens bestaan as by seuns en gee die volgende verklaring daarvoor: "This may be explained in part by the fact that girls are more religious than boys and in part by the fact that they are more docile to adult demands" (Hurlock, 1967, bl. 400).

6.7 HOUDING TEENOR SPORT

In tabel 6.7 word aangetoon wat leerlinge se houding teenoor sport is.

Volgens tabel 6.7 is daar 35,2 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 29,0 persent van die universumleerlinge wat niks van sport hou nie of onseker is. Vier-en-estig komma agt persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 71,0 persent universumleerlinge, met ander woorde 6,2 persent meer universumleerlinge as leerlinge van die ondersoekgroep, verklaar dat hulle baie van sport hou.

In albei groepe is daar ook relatief meer seuns as dogters wat baie van sport hou (69,3% ondersoekgroepe seuns teenoor 59,8% ondersoekgroepe dogters en 75,0% universumseuns teenoor 66,9% universumdogters).

7 GESONDHEID

7.1 ALGEMENE GESONDHEIDSTOESTAND

Besonderhede ten opsigte van leerlinge se beoordeling van hulle gesondheidstoestand verskyn in tabel 7.1.

Volgens tabel 7.1 is 60,6 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 68,4 persent van die universumleerlinge se gesondheid goed. Vier-en-dertig komma nege persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 29,5 persent universumleer-

TABEL 6.6
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor GODSDIENS

Houding	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Het geen waarde nie	78	1,9	43	1,2	121	1,5	692	2,0	358	1,0	1050	1,5
Weet nie	637	15,4	497	13,4	1134	14,5	7798	22,0	7085	20,9	14883	21,5
Het baie waarde	3432	82,7	3165	85,4	6597	84,0	26956	76,0	26477	78,1	53433	77,0
TOTAAL	4147	100,0	3705	100,0	7852	100,0	35446	100,0	33920	100,0	69366	100,0

TABEL 6.7
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEENoor SPORT

Houding	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Hou niks van sport nie	400	9,7	386	10,4	786	10,0	1787	5,0	1913	5,6	3700	5,3
Nie seker nie	870	21,0	1107	29,8	1977	25,2	7076	20,0	9324	27,5	16400	23,7
Hou baie van sport	2864	69,3	2217	59,8	5081	64,8	26557	75,0	22696	66,9	49253	71,0
TOTAAL	4134	100,0	3710	100,0	7844	100,0	35420	100,0	33933	100,0	69353	100,0

TABEL 7.1
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE ALGEMENE GESONDHEIDSTOESTAND

Gesondheidstoestand	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Goed	2602	62,8	2161	58,2	4763	60,6	24571	69,3	22865	67,4	47436	68,4
Redelik	1378	33,3	1366	36,8	2744	34,9	10161	28,7	10322	30,4	20483	29,5
Swak	161	3,9	188	5,0	349	4,5	719	2,0	758	2,2	1477	2,1
TOTAAL	4141	100,0	3715	100,0	7856	100,0	35451	100,0	33945	100,0	69396	100,0

linge se gesondheid is redelik en 4,5 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 2,1 persent van die universumleerlinge se gesondheid is swak. Dit blyk dus dat 'n groter persentasie ondersoekgroepleerlinge se gesondheid nie nawijsende is nie want 39,4 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 31,6 persent van die universumleerlinge se gesondheid is swak of redelik.

Dit blyk ook uit tabel 7.1 dat in beide groepe dogters se gesondheid effens swakker is as dié van seuns (62,8% ondersoekgroepe seuns teenoor 58,2% ondersoekgroepe dogters en 69,3% universumseuns teenoor 67,4% universumdogters verklaar dat hulle gesondheid goed is).

7.2 KWALE WAARMEE LEERLINGE DIE MEESTE PROBLEME ONDERVIND

In tabel 7.2 word aangetoon watter kwaal, indien van toepassing, leerlinge die meeste las gee.

Dit blyk uit tabel 7.2 dat daar 62,5 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 68,1 persent universumleerlinge, dit wil sê 5,6 persent meer universumleerlinge is wat beweer dat hulle nie probleme met enige spesifieke kwaal ondervind nie. Die grootste verskil tussen die groepe word aangetref in die geval van "ander kwale" waar 2,4 persent meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge gevind word. Met die uitsondering van asma, swaksigtigheid en oorgewig, word daar ten opsigte van die ander kwale 'n geringe hoër persentasie ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge aangetref.

Die grootste verskille wat tussen die geslagte voorkom, is in die geval van die ondersoekgroep, spraakgebreke (3,9% meer seuns), ander kwale (3,2% meer dogters), swaksigtigheid (1,7% meer dogters) en oorgewig (1,4% meer dogters). In die geval van die universum word die grootste verskille tussen die geslagte gevind by spraakgebreke (2,3% meer seuns), ander kwale (1,4% meer dogters), swaksigtigheid (1,1% meer dogters) en asma (1,0% meer seuns).

In ooreenstemming met die bevindinge van tabel 7.1, waar bevind is dat die ondersoekgroepleerlinge se gesondheidstoestand swakker is as dié van die universum, kan van tabel 7.2 ook die afleiding gemaak word dat ondergemiddelde leerlinge meer probleme met hulle gesondheid ondervind as wat die geval met die universum is.

Hierdie afleiding is in ooreenstemming met dié van Langenhoven (1960), wat bevind het dat sy boonste IK-groep beduidend van die onderste groep verskil wat betref algemene gesondheidstoestand. Hy het egter geen beduidende verskil tussen spesifieke gebreke gevind nie en maak die gevolgtrekking dat sekere gebreke nie kenmerkend is van dom kinders nie.

Fouché (1968) kom tot dieselfde gevolgtrekking as Langenhoven, ook wat betref spesifieke kwale. Die feit dat sy domnormale leerlinge beduidend van die ander groepe verskil ten opsigte van algemene gesondheidstoestand, maar nie ten opsigte van spesifieke siektetoestande nie, skryf hy toe aan die feit dat domnormale leerlinge se swakker beoordeling van hulle gesondheidstoestand moontlik as 'n verdedigingsmeganisme aangewend word.

Burt (1957) beweer dat 'n aansienlike getal (byna 70%) van persone wat opvoedkundig subnormaal is, ook subnormaal in fisieke asook verstandelike ontwikkeling is en dat dit mag ontstaan as gevolg van 'n aangebore gebrek aan lewenskragtigheid, wat veroorsaak dat die kind stadig groei, of as gevolg van stadige fisieke en verstandelike groei wat die gevolg is van siekte of ondervoeding gedurende die eerste lewensjare.

In 'n ander werk van Burt (1958) beweer hy dat ondergemiddelde kinders nie net meer aan fisieke swakheid as normale kinders onderhewig is nie, maar ook

TABEL 7.2

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KWALE WAARMEE HULLE DIE MEESTE PROBLEME ONDERVIND

Kwale	Onderzoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	2608	63,5	2262	61,4	4870	62,5	23878	67,7	23194	68,6	47072	68,1
Spraakgebreke	257	6,3	104	2,8	361	4,6	1497	4,2	641	1,9	2138	3,1
Uiterlike liggaamsgebreke	121	2,9	86	2,3	207	2,7	663	1,9	450	1,3	1113	1,6
Swak hart	108	2,6	90	2,4	198	2,5	447	1,3	384	1,1	831	1,2
Asma	97	2,4	78	2,1	175	2,2	1173	3,3	768	2,3	1941	2,8
Oorgewig	70	1,7	113	3,1	183	2,4	878	2,5	1107	3,3	1985	2,9
Epilepsie	37	0,9	51	1,4	88	1,1	144	0,4	147	0,4	291	0,4
Hardhorendheid	70	1,7	59	1,6	129	1,7	461	1,3	385	1,2	846	1,2
Swaksigtigheid	169	4,1	214	5,8	383	4,9	1801	5,1	2107	6,2	3908	5,7
Ander kwale	573	13,9	628	17,1	1201	15,4	4357	12,3	4628	13,7	8985	13,0
TOTAAL	4110	100,0	3685	100,0	7795	100,0	35299	100,0	33811	100,0	69110	100,0

minder in staat is om die intellektuele gevolge daarvan te weerstaan. As 'n slim kind byvoorbeeld 'n hoofpyn het, of nie heeltemal gesond voel nie, sal hy nogtans met 'n taak aangaan, terwyl 'n ondergemiddelde kind, wie se aandag op sy beste maar swak is, sal opgee. Volgens hom hang verstandelike lewenskragtigheid grootliks van fisieke lewenskragtigheid af en daarom beveel hy aan dat alles gedoen moet word om ondergemiddelde leerlinge fiks te hou.

Tansley en Gulliford (1960) beweer dat daar nie veralgemeen kan word omtrent die fisieke ontwikkeling van ondergemiddelde kinders op grond van die aanvaarding dat 'n lae intelligensie en vertraagde liggaamlike ontwikkeling hand aan hand gaan nie, maar sê dat hoe laer die intelligensie, hoe groter die moontlikheid is dat dit gepaard sal gaan met fisieke defekte en vertraagde groei. Die skrywers noem 'n studie van Oliver, wat bevind het dat die algemene gezondheidstoestand van die ondergemiddelde kind neig om swakker as dié van die normale kind te wees en mag lei tot moegheid, algemene spierswakheid en houdingsdefekte.

Johnson (1963) beskou swak gesondheid van ondergemiddelde leerlinge uit die oogpunt van sosio-ekonomiese toestand. Hy beweer dat waar kinders uit hui- se kom waar die ouers laag besoldig is, daar 'n hoër as gemiddelde voorkoms van siekte en fisieke afwykings is, wat toegeskryf kan word aan onvoldoende higiëniese maatreëls.

Soos die bogenoemde skrywers bevind het, is daar ook skrywers soos Telford en Sawrey (1967) en Goldstein en Seigle (1961) wat bevind het dat siekte en fisieke defekte verband hou met intelligensie. Jastak (1963) het egter geen beduidende verskille tussen die gezondheidstoestand van sy vertraagde en nie-vertraagde groepe gevind nie.

Wat spesifieke kwale of gebreke betref, blyk dat sommige skrywers die mening toegedaan is dat ondergemiddelde leerlinge meer onderhewig is aan visuele en gehoordefekte. Johnson (1963) beweer dat die voorkoms van visuele en gehoorprobleme onder ondergemiddelde leerlinge hoër is as wat gewoonlik onder normale kinders gevind word en dat hierdie toestand mag bydra tot kinders se leerprobleme. Kirk (1962) en Karnes (1965) het ook bevind dat ondergemiddelde kinders meer aan visuele en gehoordefekte ly.

7.3 GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG

Besonderhede ten opsigte van die getal dae wat leerlinge gedurende 1965 van die skool afwesig was, verskyn in tabel 7.3.

Volgens tabel 7.3 was 68,2 persent van die ondersoekgroep teenoor 72,5 persent van die universum van 0 tot 4 dae van die skool afwesig. Ten opsigte van elke ander indeling in die tabel, dit wil sê van 5 tot 20 of meer dae, word daar 'n groter persentasie van die ondersoekgroep aangetref. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ondersoekgroep meer dae van die skool afwesig was as die universum. Dit blyk ook uit die tabel dat dogters van beide groepe meer dae van die skool afwesig was as seuns.

Volgens Burt (1957) is ernstige nie-bywoning van skool ongeveer drie maal so algemeen onder vertraagde as onder nie-vertraagde kinders. Dit is volgens hom duidelik dat vertraagdheid afwesigheid omtrent net so veel veroorsaak as wat afwesigheid van skool vertraagdheid veroorsaak. 'n Bose kringloop word in werking gestel : die ondergemiddelde leerling voel homself ontuis in die gewone klas, die werk is te moeilik en hy het te veel ondervindings van mislukking, straf of teregwyding. Hy begin daarom die skool haat en probeer om van die skoolroetine te ontvlug deur afwesigheid.

TABEL 7.3
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG

Getal dae afwesig	Ondersoekgroep						Universum					
	Seuns		Dogters		Totaal		Seuns		Dogters		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 tot 4 dae	2860	69,3	2466	66,9	5326	68,2	25987	73,5	24229	71,6	50216	72,5
5 tot 9 dae	675	16,4	670	18,2	1345	17,2	5491	15,5	5634	16,6	11125	16,1
10 tot 14 dae	300	7,3	263	7,1	563	7,2	2026	5,7	2065	6,1	4091	5,9
15 tot 19 dae	130	3,1	119	3,2	249	3,2	811	2,3	884	2,6	1695	2,4
20 of meer dae	160	3,9	171	4,6	331	4,2	1069	3,0	1046	3,1	2115	3,1
TOTAAL	4125	100,0	3689	100,0	7814	100,0	35384	100,0	33858	100,0	69242	100,0

Volgens Karnes (1965) sal die ondergemiddelde leerling enige moontlike verskoning gebruik om van die skool af weg te bly en hy beweer dat hierdie toestand gewoonlik veroorsaak word deur swak vordering en swak prestasie en as gevolg hiervan probeer leerlinge 'n situasie vermy wat vir hulle geen bevrediging inhou nie.

Fouché (1968) kon egter geen beduidende verskille tussen sy groepe met betrekking tot afwesigheid van skool vind nie, hoewel die mediaan getal dae wat sy bogemiddelde groep van die skool afwesig was, effens laer as dié van die donnormale en gemiddelde leerlinge was.

8 SAMEVATTING

In hierdie ondersoek is ondergemiddelde standerd 6-leerlinge met die universum van 1965 se standerd 6-leerlinge vergelyk ten opsigte van 'n verskeidenheid van agtergrond- en ander gegewens op standerd 6-vlak. Die kriterium vir 'n ondergemiddelde leerling was 'n verbale sowel as 'n nie-verbale IK-stanege van 3 of minder of, anders gestel, 'n verbale sowel as 'n nie-verbale IK-punt van 88 of laer volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets. Daar is ten tye van die Talentopname-toetsing 7 933 leerlinge gevind wat volgens bogenoemde kriterium as ondergemiddeld beskou is en hulle het 11,4 persent van die universum van 69 908 standerd 6-leerlinge gevorm.

Die ondersoekgroep is met die universum vergelyk aan die hand van hulle antwoorde op vrae in die Biografiese vraelys. Dié vraelys bestaan uit 66 vrae en sluit aspekte in soos biografiese agtergrond, besonderhede oor huislike omstandighede en ouers, skoolagtergrond, vryetydsbesteding, houdings en gesondheid.

'n Samevatting van die bevindinge, onder die verskillende hoofde waaronder die Biografiese vraelys vir die doel van hierdie ondersoek ingedeel is, word hieronder gegee:

8.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND

Deur middel van 'n vergelyking van die groep ondergemiddelde leerlinge met die universum van standerd 6-leerlinge is die volgende bevind:

Die ondersoekgroepleerlinge was gemiddeld byna 1 jaar ouer as die universum en daar is in verhouding ietwat meer seuns as dogters in die ondersoekgroep as wat volgens die universumverdeling verwag sou word. Alhoewel daar minder leerlinge van die ondersoekgroep is wat eendag professionele of semi-professionele beroepe wil volg, blyk die persentasie ondergemiddelde leerlinge wat hierdie beroepe kies nog onrealisties te wees, gesien in die lig van hulle ondergemiddelde intellektuele vermoëns. Hierdie verskynsel is veral in die geval van die ondersoekgroepleerlinge opvallend. Die meeste leerlinge van die ondersoekgroep woon op die platteland, in teenstelling met die universum wat die beste in stede verteenwoordig is. Met betrekking tot huisvesting en woonplek gedurende skoolkwartale word daar nie betekenisvolle verskille tussen die groepe aangetref nie.

8.2 HUISLIKE AGTERGROND EN OUERS

Geoordeel volgens leerlinge se antwoorde op sekere vrae wat betrekking het op hulle ouers se sosio-ekonomiese posisie, kan die afleiding gemaak word dat die ondergemiddelde leerlinge in hierdie opsig 'n agterstand het in vergelyking met die universum. Daar is bevind dat die ondersoekgroep se ouers laer opvoedkundige kwalifikasies besit, hulle verwagting van hulle kinders se geleerdheid is nie so hoog as dié van die universum se ouers nie, die ondersoekgroep se ouers is nie in dieselfde mate as die universum se ouers finansieel in staat om

hulle kinders 'n opleiding tot standerd 10 of hoër te bied nie en 'n kleiner persentasie van die vaders van die ondersoekgroep beklee die hoëre sosio-ekonomiese beroepe in vergelyking met die vaders van die universum. Daar word verder 'n groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep as die universum aangetref wat beweer dat hulle nie genoeg sakgeld ontvang nie of vir hulle sakgeld moet werk.

Relatief meer leerlinge van die ondersoekgroep as van die universum se ouers is oorlede of geskei. Daar is 'n groter neiging by ondergemiddelde leerlinge om die jongste lede van die gesin te wees. Relatief minder moeders van die ondersoekgroep as van die universum werk buitenshuis. 'n Effens groter persentasie van die leerlinge van die ondersoekgroep beweer dat hulle tuis nie genoeg tyd kry om hulle huiswerk so goed as moontlik te doen nie en vir minder van hulle is daar hulp tuis beskikbaar indien hulle moeilikheid met hulle huiswerk ondervind. Weinig verskil word aangetref tussen die groepe met betrekking tot broers en susters op universiteit.

8.3 SKOOLAGTERGROND

Ten opsigte van vroeë handel oor skoolbesonderhede word die volgende verskille tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref:

Effens meer ondergemiddelde leerlinge woon dorp- en plaasskole by as wat die geval met die universum is. Die ondersoekgroep was ouer as die universum toe hulle die skool vir die eerste keer besoek het en 'n kleiner persentasie ondersoekgroepleerlinge het kleuterskole bygewoon. Relatief meer ondersoekgroepleerlinge het standerds op skool oorgeslaan, wat moontlik aan oorplasing op grond van ouderdom toegeskryf kan word. Hierteenoor het byna drie-kwart van die ondersoekgroepleerlinge al op skool gedruip en 'n heelwat groter persentasie ondersoekgroepseuns het al voor standerd 3 op skool gedruip in vergelyking met die dogters van die ondersoekgroep. Die ondersoekgroep het meer van skool verwissel as die universum. Die ondersoekgroep het nie sulke hoë aspirasies ten opsigte van geleerdheid as die universum nie, maar daar is nogtans 'n redelike hoë persentasie wat nie 'n realistiese siening van hulle verstandelike potensiaal het nie, met ander woorde wat daarna strewende om tot standerd 10 of verder te leer.

8.4 VRYETYDSBESTEDING

Die ondergemiddelde leerlinge het minder stokperdjies as die universum en relatief meer van hulle as leerlinge van die universum beoefen stokperdjies van 'n nie-intellektuele aard. Die ondersoekgroep bestee minder tyd aan buitemuurse aktiwiteite as die universum; relatief minder ondersoekgroepleerlinge neem deel aan aktiwiteite wat deur die skool georganiseer word, en relatief minder leerlinge van die ondersoekgroep ontvang naskoolse lesse wat nie met skoolwerk in verband staan nie, soos musiek en ballet. Daar word nie betekenisvolle verskille tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref met betrekking tot die soort aktiwiteit en die soort leesstof waarvan hulle die meeste hou nie.

8.5 HOUDINGS

Relatief meer ondergemiddelde leerlinge as universumleerlinge het 'n negatiewe houding teenoor geleerdheid en sport. Effens meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge het ook 'n negatiewe houding teenoor skoolgaan en huiswerk, maar die verskille tussen die groepe is nie betekenisvol nie.

Die ondersoekgroep het weer 'n meer positiewe houding teenoor godsdiens as die universum en effens meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge het 'n positiewe houding teenoor skoolreëls, hoewel die verskil nie betekenisvol is nie. Slegs geringe verskille word tussen die groepe aangetref op grond van

hulle antwoorde op die vraag of hulle graag die leier van 'n groep of span wil wees.

8.6 GESONDHEID

'n Groter persentasie ondergemiddelde leerlinge as leerlinge van die universum beweer dat hulle algemene gesondheidstoestand nie na wense is nie en die ondergroep leerlinge was ook meer dae van die skool afwesig as die universum. Uit 9 kwale waaruit leerlinge moes aandui watter een hulle die meeste las gee, word daar ten opsigte van drie kwale, naamlik asma, oorgewig en swak-sigtigheid, 'n kleiner persentasie ondergroep leerlinge as universumleerlinge aangetref, terwyl daar ten opsigte van die orige 6 kwale, naamlik spraakgebreke, uiterlike liggaamsgebreke, swak hart, epilepsie, hardhorendheid en "ander kwale" in elke geval 'n groter persentasie leerlinge van die ondergroep aangetref word.

8.7 SLOT

Hierdie ondersoek wat handel oor die algemene agtergrond van leerlinge met 'n ondergemiddelde intelligensie, is die eerste studie oor hierdie onderwerp wat met behulp van gegewens wat van Talentopname verkry is, onderneem is. Die ondersoek moet dus net as 'n inleidende studie tot die probleem van ondergemiddelde leerlinge beskou word. Verdere navorsing oor ondergemiddelde leerlinge word beoog ten opsigte van aspekte soos hulle aanpassing, persoonlikheid en skolastiese vordering. Opvolging op standerd 8-vlak en moontlik op standerd 10-vlak, asook opvolging na skoolverlating, word beoog.

8.8 SAMEVATTENDE ALGEMENE AFLEIDING

Wat algemene agtergrond betref, is leerlinge met 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë swakker as normale leerlinge vir goeie vordering op laerskool toegerus, want byna drie-kwart van hulle druipt minstens een keer voordat hulle die hoërskool bereik. Dit kom voor of hierdie leerlinge spesiale aandag nodig het om die ideaal te verwesenlik om alle leerlinge - ook dié wat intellektueel swakker toegerus is - tot die maksimum waartoe hulle in staat is, te laat ontwikkel. Daar is waarskynlik 'n behoefte aan 'n groter mate van gedifferensieerde onderwys in die laerskool as wat tans die geval is.

LITERATUURVERWYSINGS

- 1 ABRAHAM, W. The Slow learner. New York, Center for Applied Research in Education, 1964.
- 2 BINET, A. and SIMON, T.H. Mentally defective children. London, Edward Arnold, 1914.
- 3 BURT, C. The Causes and treatment of backwardness. London, University of London Press, 1957.
- 4 BURT, C. The Backward child. London, University of London Press, 1958.
- 5 COLE, L. Psychology of adolescence. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 6 DE LINT, J. Note on birth order and intelligence. The Journal of Psychology, 66, May, 1967 : 15-17.
- 7 DELP, H.A. Pshychological evaluation : Some problems and suggestions. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 8 DEUTSCH, M. Some psychosocial aspects of learning in the disadvantaged. In TORRANCE, E.P. and STROM, R.D. ed. Mental health and achievement. New York, John Wiley, 1965.
- 9 DOWNIE, N.M. A Comparison between children who have moved from school to school with those who have been in continuous residence on various factors of adjustment. The Journal of Educational Psychology, 44 (1), Jan., 1953 : 50-53.
- 10 DUNN, L.M. and CAPOBIANCO, R.J. Mental retardation : A Review of research. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 11 FOUCHÉ, F.A. Sielkundige eienskappe van domnormale seuns. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeksnr. 66, 1968.
- 12 GARRISON, K.C. and FORCE, D.G. The Psychology of exceptional children. New York, The Ronald Press, 1965.
- 13 GOLDSTEIN, H. and HEBER, R. Preparation of mentally retarded youth for gainful employment. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 14 GOLDSTEIN, H. and SEIGLE, M. Characteristics of educable mentally handicapped children. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental reardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 15 GREENE, S.E. Effects of migrancy on schooling. In MAGARY, J.F. and EICHORN, J.R. ed. The Exceptional child. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1960.
- 16 HEBER, R. Definition of mental retardation. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 17 HEGGE, T.G. Psychological aspects of mental retardation. In DIMICHAEL, S.G. ed. Vocational rehabilitation of the mentally retarded. Washington, U.S. Government Printing Office, 1952.
- 18 HURLOCK, E.B. Adolescent development (3rd ed.) New York, McGraw-Hill, 1967.
- 19 JASTAK, J.F., Mac PHEE, H.M. and WHITEMAN, M. Mental retardation. Its nature and incidence. Newark, University of Delaware Press, 1963.
- 20 JOHNSON, G.O. The Education of mentally handicapped children. In CRUICKSHANK, W.M. and JOHNSON, G.O. ed. Education of exceptional children and youth. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1958.
- 21 JOHNSON, G.O. Education for slow learners. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1963.

- 22 KARNES, M.B. Teaching the slow learner. In TORRANCE, E.P. and STROM, R.D. ed. Mental health and achievement. New York, John Wiley, 1965.
- 23 KIRK, S.A. Educating exceptional children. Boston, Houghton Mifflin, 1962.
- 24 LANGENHOVEN, H.P. Toetsintelligensie en omgewingsfaktore. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1960.
- 25 LEVINSON, A. The Mentally retarded child. New York, The John Day Company, 1965.
- 26 MARTENS, E.H. Curriculum experiences for the educable mentally retarded. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961.
- 27 NICKELL, V.L. Report on study for trainable mentally handicapped children. Springfield, Superintendent of Public Instruction, 1954.
- 28 ROOS, W.L. Die 1965-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 29 ROSS, A.O. The Exceptional child in the family. New York, Grune & Stratton, 1964.
- 30 ROTHSTEIN, J.H. Implications of mental retardation. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961 (a).
- 31 ROTHSTEIN, J.H. General considerations. In ROTHSTEIN, J.H. ed. Mental retardation. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1961 (b).
- 32 SCHONELL, F.J. and WATTS, B.H. A First survey of the effects of a subnormal child on the family. American Journal of Mental Deficiency, 61, Jul., 1956: 210-219.
- 33 STANDER, G. Enige los gedagtes om die leermoeilike kind in die gewone klas. Die Unie, 67(3), Sept. 1970 : 118-122.
- 34 TANSLEY, A.E. and GULLIFORD, R. The Education of slow learning children. London, Routledge & Kegan Paul, 1960.
- 35 TELFORD, C.W. and SAWREY, J.M. The Exceptional individual. Psychological and educational aspects. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1967.
- 36 THORNE, G.D. Understanding the mentally retarded. New York, McGraw-Hill, 1965.
- 37 TORRANCE, E.P. and STROM, R.D. Home and community. In TORRANCE, E.P. and STROM, R.D. ed. Mental health and achievement. New York, John Wiley, 1965.
- 38 VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die Doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 39 WAKEFIELD, R.A. An Investigation of the family backgrounds of educable mentally retarded children in special classes. Exceptional Children, 31, Nov., 1964 : 143-146.
- 40 WESSELS, D.M. Deeltydse werk vir getroude vroue : Vraag- en aanbodsituasie in Pretoria. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.

ANDER RGN-PUBLIKASIES

INLIGTING

Humanitas/n Semesterpublikasie van die RGN/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/RO,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE,PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1970/RO,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/RO,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/RO,50/(slegs Engels)

KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/RO,40

MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/RO,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/RO,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/RO,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-tuisland/1970/RO,90

MM-12 Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizer, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/RO,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

- MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85
- MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/R1,00
- MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50
- MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/(in druk)
- MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50
- MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talent-opname/1970/R0,65
- MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70
- MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50
- MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55
- MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

SOSIOLOGIE

- S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90
- S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40
- S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30
- S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90
- S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80
- S-6/Van der Walt, T.J./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40
- S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskostes van die gesin/1970/R0,55
- S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/(in druk)
- S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1,20
- S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/(in druk)
- S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40/ (slegs Engels)

TAAL, LETTERE EN KUNS

- Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis
- Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis

1 - 4 - 1972
1972

RAAD VAN GEESTESWETEN-
SCHAAPLICHE NAVORSING
- 3 - 1 - 1972
HUMAN SCIENCE RESEARCH
COUNCIL

ISBN 0 86965 021 1
English edition ISBN 0 86965 022